



MPPALA

VOL 41 EERSTE TERMIN 2007

**Bosveld Jagters- en Wildbewaringvereniging Tydskrif
Bushveld Hunters and Game Conservation Association Magazine**



INHOUD/INDEX



Foto deur: Diekie Muller

Opgestel deur: André van der Merwe

INHOUD

Nuus vanaf die Redaksie	3
'n Afrikajag	3
Jeanette Rademeyer	9
Foto galery	10
Junior 2 Soutpansberg	12
Toets van 'n geweer	13
Jaarprogramme	13
Livingstone Eland	14
Stigting van CHASA	16
Briewe	18
Vasvrae	18
Inskrywing Wild & Jag	19

KOPIEREG

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige wyse hoegenaamd nie, hetsy elektronies of meganies, insluitende die fotokopieër of opname daarvan hetsy deur middel van enige ander inligtings-, bergings-, of verhalingsstelsel, sonder vooraf skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Daar bestaan outeursreg in hierdie werk. Enige ongemagtigde reproduksie van hierdie werk is handelinge wat outeursreg skend. Die dader sal weens sivielregtelike outeursregskending aanspreeklik gehou kan word. Dit kan die dader onder sekere omstandighede aan strafbare vervolging blootstel.

Die inhoud van artikels in die tydskrif weerspieël nie noodwendig die mening van die Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging nie.

KONTAK PERSONE EN NOMMERS

Uitvoerende Bestuur

President	Fred Mulders	082 851 4618
Voorsitter	André vd Merwe	082 460 1220
Onder-Voorsitter	Hein Höll	083 271 3280
Penningmeester	Frederik Eloff	082 895 8217
Hoof Opleiding	Louis Naude	083 775 5476
Sekretaresse	Rindie Prinsloo	083 630 5777
Redakteur	Piet de Jager	083 628 8410

Visi Presidente

Ford Winnerts	082 443 5076
Gerrit Bakker	082 441 9888
Abel Botha	082 773 1488
Tewie Wessels	084 617 7254

Takke

Kremetart

Voorsitter	Johan Kapp	082 492 6200
Ondervoorsitter	Neels Osmers	082 851 0707
Sekretaresse	Welma Cilliers	082 339 0522

Letaba

Voorsitter	André Le Grange	082 322 5388
Ondervoorsitter	Dawie van Vuuren	083 454 5391
Sekretaris	Cornel Maree	082 922 6882

Magaliesberg

Voorsitter	Derick Koekemoer	082 490 5900
Ondervoorsitter	Paul grobler	082 412 3497
Sekretaresse	Rindie Prinsloo	083 630 5777

Pietersburg

Voorsitter	Nico Wepner	083 407 4512
Ondervoorsitter	Norman Brown	083 635 1234
Sekretaris	Stephan du Plessis	084 491 1165

Potgietersrus

Voorsitter	Ford Winnertz	082 443 5076
Ondervoorsitter	George Hobbs	082 460 6813
Sekretaresse	Liesel Hobbs	083 295 0061

Soutpansberg

Voorsitter	Frans Heinlein	082 876 0614
Ondervoorsitter	Nardus Stegman	082 892 8604
Sekretaresse	Lerina Heinlein	084 209 3123

Waterberg

Voorsitter	Pepe Silvestri	082 655 7755
Ondervoorsitter	Gerrit Bakker	082 441 9888
Sekretaris	Gerrit Jan Bakker	082 852 1429

Posadres Posbus 1771, Polokwane
 E-pos mwbosjv@mweb.co.za
 E-pos Piet de Jager vir artikels pgdejager@webmail.co.za

Tel 079 511 5358 (Nuu)

Faks 079 511 9138 (Nuu)

Kantoor:

Werkure: Maandae tot Donderdae 8:00 tot 16:00
 Vrydae 8:00 tot 13:00

Marius Huisman 084 628 1936

**Onthou alle navrae moet deur julle takke gaan.
 Elke tak het 'n sekretaresse/sekretaris.**



Nuus vanaf die redaksie

Dit is met hartseer dat ek vandag hier sit en skryf. Hierdie is die laaste uitgawe wat ek gaan opstel. Dit het deel van my lewe geword en alhoewel ek meestal tyd moes afknyp, het ek dit geniet. Piet de Jager sal dit voortaan handteer en dit klink of hy baie goeie planne het. Ons gaan DV nou Januarie by die bosberaad die beplanning vir die Impala doen. Dalk gaan ons in die toekoms 'n dunner maar meer gereelde Impala sien. Hierdie swanesang van my sal 'n dik uitgawe wees, aangesien my werksomstandighede verlede jaar veroorsaak het dat ek net een uitgawe kon saamstel. Dus lekker lees en stuur in die toekoms julle artikels vir Piet. (pgdejager@webmail.co.za)

Ons akkreditasieaansoek is nou na 'n paar versoekte wysigings Desember 2006 ingedien. Ons verwag registrasie vroeg in die nuwe jaar. Ons het reeds 'n akkreditasienommer ontvang. Ons sal julle op hoogte hou.

Ons wil egter nou versoek met die akkreditasie wat eersdaags sal deurkom en die verbeterde dienslewering soos voorgeneem, dat julle alle navrae na julle tak rig. Ons wentel stelselmatig die werk af na die takke, om sodoende vinniger diens te kan lewer. Die mikpunt is om die takke te bemagtig om alle moontlike navrae te kan handteer.

Die webblad se opstel neem egter langer as wat ons gedink het. Deels omdat ons behoeftes ook maar verander. Dit behoort in 2007 se eerste helfte gedeeltelik al te funksioneer en sal dan gedurig opdateer word.

Die rede vir die versoek om navrae na die takke te rig, is om dubbel werk te voorkom en seker te maak dat elke tak kontakpersoon die navrae na hoofkantoor opvolg en monitor. Dit sal uitendelik alles bespoedig. Die verkeerde adresse van lede is redelik goed uitgesorteer. Ons verwag dat korrespondensie in die vervolg by alle of byna alle lede uit sal kom.

Alle toegewyde jagters moet ontou dat jy vir betrokkenheid as bewys aan die SAPD en die verslag wat ons tans aan CHASA moet deurgee aan die begin van elke jaar aan 3 aktiwiteite moes deelneem. Dit sal bv 1 vergadering, 1 skietdag en 1 jag wees. Jy kan egter enige 3 aksies bywoon. Onthou net as jy jag dat die boer jou register teken as bewys, sou die SAPD 'n oudit doen. Laat teken alle aktiwiteite in die register.

CHASA (Konfederasie van Jagtersverenigings van SA) - vir die wat nie weet nie dit is ons oorkoepelende liggaam, vier hierdie jaar sy 25 ste bestaansjaar. Dit sal in Durban by Kwazulu Natal Jagters gehou word, Lees verder in die uitgawe van die ontstaan van CHASA

Groete
André van der Merwe

Naskrif:

Onthou om jou tak se kontak sekretaris/ sekretaresse se nommer te kry, asook jou jaarprogram. Daar is twee intertakskietdae en ons stuur 3 spanne om by die interverenigingskietdag deel te neem aan die gongsiet. As jy belangstel om te kwalifiseer kry die inligting by jou tak.

Onthou die kantoor by Pietersburg se telefoon en faks nommers het verander. Sien die nuwe nommers op bladsy 2

Kyk ook na die 40% afslag aanbod vanaf Wild en Jag. Dit is 'n baie groot besparing.

' n AFRIKA JAG

Deur Karl Osmers

Hierdie jagverhaal is ter herdenking aan wyle Piet Smit wat dit vir ons moontlik gemaak het om 'n onvergeetlike jagavontuur saam te kon meemaak.

Piet Smit het hierdie stukkie vir my as kampvuur herinnering geskryf in die voorste bladsy van my eksemplaar van hul boek "Hunting Africa a practical guide" uitgegee deur G. P. Swan, D. J. Botes, P. L. Smit, een aand daar in die Karasberge van Namibië.

Karl,

Mag hierdie boek vir jou en jou nageslag wat opkomende jagters is van groot waarde wees. Ons eerste jagtog saam in die Karasberge in Namibië was 'n baie aangename ondervinding en ek beny jou die pragtige Springbok van 15,25 duim. Mag die beplanning vir 'n Zambië jag realiseer sodat ons mekaar nog beter kan leer ken."
Piet Smit 1 \ 5 \ 2000.

Na lang beplannings het dit so gekom dat ons groepie bestaande uit Piet Smit, Wallie Van Dyk, Frikkie, JP Gous, my seun Benjamin, sy nefie Werner, Johannes, (Piet se trofeeslagter), en myself die lang pad aangedurf het Namibië toe, Karasberge toe.

Dit was die jaar 2000 met die draai van die eeu, waar ons Gembokke, Springbokke en ander vlakwilde gejag het. Saans het ons jag gesels om die kameeldoring kampvuur. Soos dit met jagstories gaan, kom dit altyd by die groot en gevaarlike diere uit. Ongelukkig is dit in ons hedendaagse eeu nie maklik om in grootwilde wêreld te kom en dan ook nog teen redelike tariewe te kan jag nie. So het dit dan ook gebeur dat ons die aand van 1 Mei 2000 by jagstories van jag in Zambië uitgekam het. Piet het jare daar gejag en was seker die hedendaagse amateurjagter en trofeejagter met die meeste kennis en ervaring van al die jaggebiede in Zambië waar daar nog wild in groot getalle voorkom. Ons kon maar net droom van al die lekker jagtogte wat hy ons van vertel het, en het dan ook gewonder hoe om te maak om ook op so 'n jagtog saam te gaan. Om 'n lang storie kort te maak, daardie aand nooi hy ons om op 'n volgende beplande jagtog na Zambië saam te gaan.

Dit was drie jaar later gedurende Mei 2003, dat Piet my bel en sê dat hy besig is om 'n jag in Zambië te reël en of ek wil saamgaan. Nog in hierdie jaar gedurende Oktober. Nouja, so 'n kans kry 'n mens nie elke dag nie en die reëlings het begin.

Na twee vergaderings en tientalle oproepe is ons groepie, dit is Piet Smit en Johannes in sy Nissan Safari, Wallie Van Dyk en Willie Pelsers in Wallie se Landcruiser, Skip Scheepers en myself in my dubbelkajuit 2.7 i Toyota op pad Beitbrug toe. Piet sleep 'n sleepwa met al die kamptoeerusting, brandstof en 'n paar sakke sout, Wallie, met 'n vrag proviand, sleep vir "Num Dum", Piet se boot, en ek sleep nog 'n sleepwa vol sout en 'n paar dromme brandstof. In Zimbabwe is brandstof bykans onverkrygbaar en in Zambië weer baie duur.

Ons vertrek Donderdag middag 9 Oktober uit Pietersburg uit. By die grenspos op Beitbrug sukkel ons baie om aan die Zimbabwe kant deur die grenspos te kom as gevolg van ons eerste kennismaking met Afrika-tyd. Die ingewikkelde ruil van skofte van die amptenare, dit neem een-en-'n-half uur om te ruil en ons geduld word vir die eerste keer deeglik beproef. Dit was 'n wonderlike verligting om uiteindelik deur die doane te wees en op pad na die "Lion en Elephant" hotel op die Bubi rivier se walle waar ons oornag het. Langs die pad net deur die grens het ons so 'n paar rande verruil vir Zimbabwe doller, wat enigiets van 600 Zim doller vir 'n rand tot 900 Zim doller is. Vrydagoggend half-ses vertrek ons op die duisend kilometer skof na Chirundu, die klein grenspos dorpie op die walle van die Zambesi rivier. Johannes is vanoggend baie siek en dit lyk of hy malaria het.

Vervolg na bladsy 4



Vervolg vanaf bladsy 3

Langs die pad probeer ons om kapentas in die hande kry vir 'n bietjie tiervis hengel op die Zambesi, maar gevriesde kapentas is onverkrygbaar en ons moet maar tevrede wees met 'n paar pakkies wat gedroog is. Oral waar ons navraag doen is daar geen brandstof beskikbaar nie. Gelukkig het ons op Beitbrug aan die Suid-Afrikaanse kant al ons dromme, wat meer as 1800 liter neem, volgemaak. Die rit na Chirundu verloop baie goed en wanneer ons teen sonder die laaste afdraande afsak in die Zambesi vallei, en die geweldige Afrika bedompigheid jou tref, dan weet jy dat jy nou regtig in die wildernis ingaan. Oral is daar dan nou ook tekens van olifante en ons sien 'n paar rooibokke wat oor die pad hardloop. By Chirundu hotel kry ons ons kamers en hoe heerlik is dit nie om daardie aand 'n moeë liggaam op 'n bed voor 'n lugreelaar uit te strek nie.

Saterdag vroeg is ons uit ons kamers en na 'n ontbyt van spek en eiers is ons op die bote uit op die Zambesie. Die mense waar ons nog 'n ander boot gehuur het, het gelukkig 'n groot voorraad gevriesde kapentas gehad. Wallie, myself en ons Zimbabwiese skipper op die gehuurde boot en Piet, Skip, en Willie op "Num Dum". Ons vaar met die bote af met die rivier tot waar ons diep plekke kry waar ons die kapentas in troste deur die oë aan die hoeke ryg en in die stroom laat afsak. Oral op die oewer is daar 'n rykdom van voëls en 'n paar olifante, aan die Zimbabwe kant, nie vër van ons af nie, 'n aantal seekoeie snork naby die sandbanke. Dit was nie lank nie of ons skipper is vas aan 'n pragtige drie kilogram tiervis. Is dit nie 'n wonderlike gesig om so 'n tiervis met sy helder kleure te sien wanneer hy uit die water uit spring nie. Ek is volgende aan die beurt met 'n drie-en-'n-half kilogram vis. Daardie aand kom ons moeg by ons blyplek aan. Die volgende dag is ons weer op die rivier en ons vang nog 'n paar tere met Wallie 'n pragtige vis van vier-en-'n-half kilogram. Ons het ook 'n hele paar vrygelaat, dit is nou die visse wat losgekome het. Ook op "Num Dum" was dit 'n suksesvolle dag en Piet-hulle het ook 'n klompie mooi tiervis gevang. Dit was ons laaste visvangdag want die volgende dag kon ons die jagpermitte kry op Lusaka. Die pragtige sonsopkom en ondergaan op die Zambesie met die visarende, olifante op die oewer, seekoeie in die water, waterbokke en voëls en die Afrika rustigheid is iets wat 'n mens nooit kan vergeet nie. Na die Zambesi kan 'n mens weer terugkeer.



Chirundu se tiervis

Die spyskaart by die hotel het baie soorte disse op maar van die eerste aand se "T-been of hoender", het daar vanaand net hoender oorgebly. Ons het deur die venster van die kombuis gesien toe die hoender nog rou was en ook hoe die kombuis binne lyk, maar of hoender of niks. Die hoender was toe egter smaaklik. Maandag-oggend is ons ses-uur deur die grenspos aan die Zimbabwe kant en toe ook redelik vinnig deur aan die Zambesi kant. Die verkryging van 'n derdeparty vir jou voertuig is een van die belangrikste dokumente om in Zambesi te reis. In padblokkades en selfs in die straat, soos op Lundazi gebeur het, vra amptenare jou daarvoor. Die eerste ongeveer 40 kilometer vanaf die grens is die pad baie gevaarlik deur die bergpasse, veral vir swaarvoertuie waarvan daar baie op die pad is. Hierdie pad is die slagaar van die hele Afrika. Vroeg middag is ons in Lusaka. Ons het ons vriend wat ons reelings daar getref het langs die pad opgelaai en nou gaan ons net gou al die permitte kry, gewere, en dan ry ons jagveld toe.

Watwou, weereens Afrika-tyd, ons kom eers die volgende dag, dit is Dinsdag-middag twee-uur in die pad. Alles wat vanaf Maandag -middag tot Dinsdag-middag gebeur het is 'n lang storie en sal ek later vertel. Johannes is nou baie siek van malaria. Piet het vir hom malariapille gekry in Lusaka en Piet doen sy bes om hom te kry om baie water te drink en die pille in te neem.

Die nag slaap ons in die veld onder die sterre iewers so dertig kilometer vanaf Chipata op die oosgrens van Zambesi aan Malawi. Vandag het ons net piesangs geëet, wat ons by 'n straatmark voor die mooi brug oor die Luangwa rivier gekoop het. Die baie warm bedompigheid van die Luangwa vallei het ons hier getref. Dou-voor-dag is ons op en binne 'n paar minute in die pad. Weer piesangs vir ontbyt en wat van die piesangs oor was vir middaget. Op Chipata volmaak met brandstof en ons draai toe noord op 'n teerpad wat later een van die slegste paaie word wat ek nog ooit op gery het. Die middag kom ons op Lundazi aan, dit is 'n klein dorpie ook naby die oosgrens van Zambesi. Hier kry ons nog 'n paar vriende by wat saamgaan na die jaggebied. Skip ruil hier nog 'n paar rande vir "kwatches" en kry toe 720 "kwatches" vir 'n rand waar dit in Lusaka net 670 was. Na nog 'n aantal Afrika wagure vir die mense kom ons uiteindelik so teen drie-uur daar weg na die jagarea op die oostelike oewer van die Luangwa Noord bewaringsgebied.

Die pad vanaf Lundazi was ook sleg maar nie naastenby soos die pad vanaf Chipata na Lundazi nie. Na ongeveer dertig kilometer begin dit bos word en dit word ook minder bevolk. Een van die petroldromme se bodems het deurgeskuur en ons moet stop om die petrol in ons voertuie en ander leë kanne te tap. Ons is weer op pad maar weereens tref die noodlot, Piet se sleepwa se veer breek af en ook 'n wiel met die hele as. Ons pak alles af, sleep die sleepwa uit die pad en los twee van die mense daar om die kamptoeerusting op te pas. Dit is nou al baie laat in die nag en ons is moeg. Na nog ongeveer 'n uur se ry kom ons by die "game scouts" se kantoor en ons rol toe ons beddegoed sommer daar in die stof uit. Wallie gee vir ons elkeen 'n pakkie chips vir aandete. Langs die pad het ons 'n luiperd, 'n paar grysbokkies en twee oorbietjies in die bakkie se ligte gesien.

Donderdag-oggend met eerste lig is ons op en ry ons na die jaggebied toe. Dit is die Chifunda jagarea wat aan ons toegeken is. Op 'n vraag van Skip aan die plaaslike mense van hoe vër dit nog is kry ons weereens die antwoord, "it is far but not so far". Soms as ons so 'n antwoord kry ry ons nog sewe ure om by ons bestemming te kom. Hierdie keer was dit egter naby en na so n driekwart-uur se ry kom ons op die wal van die Luangwa rivier. Langs die pad by 'n pan loop 'n klomp puku, rooibokke, dit is nege-uur in die oggend en die seekoeie loop buite rond, 'n hele paar chobe bosbokke gee pak soos ons op die wal van die Luangwa na die kamp ry. Onder die reuse jakkalsbessie, vyeboom en ander bosreuse pak ons af. Ons is uiteindelik hier. Nog kan ons nie ontspan nie, die stukkende sleepwa moet gehaal en reggemaak word en die ander kamptoeerusting na die kamp gebring word. Ons ry toe terug om die toerusting wat ons langs die pad gelos het te gaan haal en Piet is terug na Lundazi om die gebreekte veer te laat regmaak. Die middag skiet Willie die eerste bok van ons jag, 'n mooi rooibokram. Vrydag oggend vier-uur kom Piet-hulle daar aan met die sleepwa. Dit was vir ons almal een van die grootste oomblikke toe hulle daar aangery kom. Toe weet ons dat ons nou kan begin jag. Daardie hele nag het die leeus gebrul aan die oorkant van die Luangwa.

ONS EERSTE JAG

Vrydag-oggend is ons vroeg weg met Wallie se Landcruiser om te gaan kyk hoe lyk die jaggebied. Ons ry in 'n suidelike rigting al op die walle van die Luangwa en orals sien ons

Vervolg na bladsy 5



Vervolg vanaf bladsy 4

rooibokke, puku's en na die rivier se kant toe seekoeie en krokodille wat langs die waterkant lê. Ons beweeg weg van die rivier af en ry deur 'n baie groot oop ruimte waar daar baie puku en rooibokke is. Groen rooiwang papegaaitjies (die niassaparkiet), styg in massas van groen wolke van die grond af op, ons sien ook enkele groot bosveld papegaaie wat van die rivier se kant af verby vlieg. Vyf olifante is op koers deur die oopte so 'n ent van ons af, maar ons laat hulle met rus. Links van ons beweeg 'n troppie zebras en Skip besluit om een te skiet, hy en Piet kon elkeen een skiet. Hy klim af en die groot bekruij begin. Die sebras is egter baie skugter en met die oop veld was dit baie moeilik om hulle te bekruij. Skip waag toe later 'n lang skoot, maar met die .375 was die afstand te groot. Ons beweeg toe verder en Wallie skiet 'n baie mooi vlakvark met dertien duim tande, wat vir die Luangwa 'n baie goeie trofee is. Ons ry later met 'n ompad terug kamp toe. Dit is baie warm.

Piet was toe al wakker en effens uitgerus na die vermoënde tog om die sleepwa op Lundazi te laat regmaak die vorige nag. Wallie maak vir ons 'n lekker ete. Van die kamp-personeel wat 'n ent van die kamp af gaan hout bymekaar maak het kom toe en sê dat hulle 'n ou buffel by 'n pan gekry het vroeggerig die oggend. Ons besluit om die spoor te gaan volg.

WALLIE SE BUFFEL

Dit is so een-uur en seker die warmste tyd van die dag, ons hang elkeen ons waterbottel om en ry na die watrgat waar die buffel die oggend gesien is. Voor ons by die kamp weg is kom daar 'n ou man na vore wat sê hy is 'n spoorsnyer en hy moet saam. Wallie het die vorige aand die lootjie getrek om van ons groepie die eerste kans te hê om 'n buffel te skiet. Naby die watrgat los ons die Cruiser en ons gaan kyk of ons die spoor kan kry. Piet, Skip en Wallie is in 'n noordelike rigting om te gaan kyk of hulle 'n chobe bosbok vir Skip kan kry. Ons loop om die pan en kry die groot buffelspore in die modder waar hy vroeg water gedrink het. Dit is die eerste keer dat ek in die veld op buffelspore kan loop en 'n mens weet nie heeltmal wat om te verwag nie. Wallie het al 'n buffel geskiet, en dit is nou sy tweede keer dat hy op die grotes se spore loop. Ons het net een geweer en dus nie 'n "back-up" nie. Die scout het wel 'n AK met drie patrone. Dit is nou twee-uur die middag en verskriklik warm. Die "Ouman" soos ons hom gedoop het, loop voor, want hy is die spoorsnyer. (Ons sou later agterkom dat hy nie eintlik 'n regte spoorsnyer is nie) Agter hom loop ek, wat help met die spoorsny, dan Wallie wat die skietwerk moet doen, en heelagter die "scout" wat moet toesien dat die regte diere geskiet word en ons nie droogmaak in die veld nie, of verdwaal nie. Dit gaan eers maar stadig want ons het nog nie heeltmal uitgerus na die afgelope paar dae se min slaap en vêr ry nie, en 'n man se oë moet eers gewoon raak aan die yl spore en die digte bos. Dit is die droogste tyd van die jaar en die blare lê dik op die grond wat dit baie moeilik maak om sag te loop. Dit gaan naderhand al hoe beter en waar ons spoorsnyer die spoor verloor is ons daar om op te volg. Daar kom later 'n tweede spoor by wat 'n ent verder weer wegraak. Die spoor gaan nou in 'n baie ruie gebied in en ons sintuie is tot die uiterste ingestel. Die buffel beweeg die hele tyd reg windaf en ons kry plekke waar die buffel vir ons weggehardloop het, waar ons seker nie verder as vyftig meter van hom af was nie. Die spoor loop heen en weer deur die digte struik en die buffel beweeg steeds windaf.

Die son sak al laer en ons weet dit is nie goed om 'n buffel in die laat middag te skiet nie, ingeval 'n mens moet spoorvat as dit nie 'n goeie skoot was nie. Ons besluit om nog 'n rukkje aan te gaan. Die Ouman wil net kort-kort teruggaan maar ons praat met hom, en hy sien ons gaan nie so gou omdraai nie. Die Ouman sê later "the buffulo went to his home" en ons sal hom nie kry nie. Ons sê toe vir hom dat ons dan ook maar na sy "home" toe moet gaan. Die spore bly steeds wind-af en ons besluit toe om 'n wye draai na regs te maak en dan weer in te beweeg in die rigting waarin die buffel beweeg het.

Dit was nie lank nie of ons kruis weer sy spore. Ons maak toe weer 'n wye draai na regs en kom met 'n dwarswind na die spore toe. Die volgende oomblik staan hier skuins regs van ons hierdie yslike buffel, 'n mens kan nie glo dat die buffel so naby is nie. Die buffel staan met net sy nek en kop agter 'n baie dik boom. Die voorkant van sy blad en sy hele lyf agtertoe is heeltmal oop, nie meer as twintig treë van ons af nie. Wallie kom 'n paar treë vorentoe en lê aan na die buffel. Die skoot gaan af en die buffel storm na regs skuins weg van ons af. Sy kop en nek winkend op en af. Wallie skiet weer en die buffel swenk na links en verdwyn in die digte bos. Uit die hoek van my oog sien ek die "scout" is reeds 'n paar treë weg op pad na 'n boom toe. Doodse stilte, wat nou! Die ander twee manne wil dadelik vorentoe gaan maar ons beduie hulle moet wag, en luister, dan na 'n lang minuut, hoor die "scout" die sagte doodsbulk. Ons beweeg stadig in die rigting waar ons die buffel sien verdwyn het, die Ouman sien hom eerste, hy is reeds dood. Ons is egter baie versigtig en Wallie skiet hom weer. Toe eers kan ons sien hoe 'n groot en swaar ou "daggabul" dit is. Ons is almal baie bly en baie verlig en wens vir Wallie baie geluk met die pragtige buffel en die hartschoot wat hy geskiet het. Ons wens mekaar geluk oor die sukses van die jag. Sy horingwydte meet meer as 41 duim wat baie groot is vir so 'n ou buffel.



Wallie se buffel

Die "gps" sê ons het 1, 6 kilometer in 'n reguit lyn vanaf die Cruiser geloop. Ons stap toe terug voertuig toe in die geweldige hitte van die Luangwa vallei na waar daar 'n paar yskoue Cokes en Castles wag. Wat 'n wonderlike jag. Dit was nou buffeljag wat 'n mens net van kan droom. Toe weet ek hoe dit voel as die adrenalien regtig deur jou are pomp. Dit is Wallie se buffel maar vir my was dit my eerste buffeljag en ek sal dit altyd onthou.

Die oplaai en kamptoe neem van die die buffel was ook 'n werk van sy eie, eers wil die nuwe "winch" nie werk nie, toe weer aflaai en kamp toe gaan om hulp te kry. Ons kry vir Piet-hulle met sy Safari langs die pad en hulle help ons om die buffel te gaan oplaai en kamp toe neem. By die kamp word die buffel se kopvel eers geslag voordat ons kan gaan slaap. Daardie aand droom 'n mens nie eers nie, die leeus se brulle oorkant die Luangwa maak jou nie wakker nie. Skip het toe ook die vorige middag 'n mooi chobe bosbok geskiet.

MY EN WILLIE SE BUFFELJAG BY DIE "HOME OF THE BUFFALO".

Saterdag-oggend sê Wallie hy bly by die kamp om sy buffel trofee te bewerk en te rus. Piet en Skip gaan buffels soek in die ooste en ek, Wallie en die "scouts" gaan ook buffels soek, iewers in die rietbosse. Ons ry op die oewer van die Luangwa toe Willie skielik sê dat ek moet stilhou, voordat die voertuig behoorlik staan is Willie by die deur uit en fluister hy vir my dat ek moet aanry, hy druk die deur toe en ek ry stadig weg. Na so 'n halwe kilometer hou ek stil en wag. Na 'n rukkje klap daar 'n skoot, ek beweeg terug na waar Willie afgeklim het. Naby die plek kom Willie uit die bosse uit met 'n brêë glimlag, hy het 'n mooi chobe bosbok geskiet. Ons neem fotos, en neem die bok terug kamp toe waar Wallie sal toesien dat die bok behoorlik vir 'n volmontering geslag word. Ons vertrek toe in 'n suidelike rigting, eers in die middelveld en toe later naby die walle van die Luangwa. Die tsetsevlieë pla vanoggend vreeslik, jy klap hom so dood maar hy staan weer op en byt jou weer, hulle angels is so skerp soos naalde. Ons sien baie wild, rooibokke, puku, koedoes, 'n pragtige grysbokkie, baie bobbejane, (Sulke geel bobbejane met lang bene, hulle noem dit 'n "olive baboon") vlakvarke, seekoeie en baie voëls.

Vervolg na bladsy 6



Vervolg vanaf bladsy 5

Ons kom by plekke waar daar baie fontein is, warm water wat uit die grond uit borrel uit 'n "miershoop" van fyn groen gras en dan oor die kante loop waar dit in klein poeletjies rondom hierdie groen graskol vorm. Rondom hierdie kolle is die grond stofgetrap van die wild wat daar kom drink. By een so 'n fontein stop ons om te kyk vir buffelspore. Daar het in die oggend 'n klomp leeus gedrink. Een se spoor is so groot soos my hand. Ons gaan terug bakkie toe en ry verder. Die "gps" wys ons is dertig kilometer van die kamp af. Ons kom later by 'n plek wat baie mooi is, groot groen bome met groen grasperke tussen-in wat kortgehou word deur buffels en die ander diere. In die middel van hierdie bome is daar 'n groot rietbos, onder die bome rondom die rietbos lê en staan 'n menigte buffels. Ons is totaal oorbluf en weet nie wat om te doen nie. Jy kan nie skiet nie, daar is te veel diere, die buffels beweeg in die rietbos in. Ons gaan agter hulle aan maar besef ons kan nie in die riete ingaan met net een geweer nie. Daar is vars bloed op die grond en ons weet nie of daar dalk 'n dier in die trop is wat gewond is deur leeus of vorige jagters nie. Ons gaan terug na die Cruiser toe en ry om die riete en hou onder 'n groot boom stil. Weer is ons te voet om die rietbos, oral in die riete is net buffels, ons kan nie daar ingaan nie, 'n paar bulle staan vir ons en kyk so sewentig meter vër. Net hulle koppe is sigbaar. Hulle beweeg weer dieper die riete in. Aan die anderkant sien Willie die neus van 'n buffel in die lang riete aan die kant van die rugtes, ons kruip nader. Onder die bome in die riete lê 'n paar buffels. Ons kyk lank vir hulle, maar kan nie sien of dit bulle of koeie is nie.

Naderhand kom 'n bosbok van agter af op ons af, hy blaf en die buffels begin opstaan, dit is net koeie en 'n paar kalwers. Ons loop verder en kry 'n bul met wye horings maar sy basisse is nog sag. Hulle beweeg weg van ons af, ons gaan agter hulle aan maar daar was nie 'n groot bul in die troppie nie. Dit begin toe laat word en ons gaan terug voertuig toe en besluit om maar in die rigting van die kamp te ry.

Dit was 'n heerlike dag in die veld. Alhoewel ons nie 'n buffel kon skiet nie, het ons baie gesien en die mooi veld waar ons die buffels gekry het sal ek altyd onthou. By die kamp aangekom is Piet en Skip ook reeds terug met 'n buffel wat Skip geskiet het. 'n Mooi bul met diep gekrulde horings van so agt-en dertig duim wyd. Dit was weer 'n baie suksesvolle jagdag vir ons.

MY EERSTE BUFFELJAG

Die volgende oggend is ons vier-uur op en na 'n lekker koppie koffie, en padkos en drinkgoed gelaai is, is ons weer op pad suid na die area van "the home of the buffalo". Wanneer 'n mens eers eenkeer die plek gesien het moet jy weer terugkeer



Reuse mopaniebome waar ons op die buffels se spore geloop het.

Wallie, Willie, myself, 'n scout, die ouman en nog een van ons helpers. Ons sien weer baie diere. Vanoggend sien ons ook van die Cooksons wildebeeste (Hulle is meer geel as die gewone blouwildebees), waarvoor ons nie permitte gehad het nie, 'n hele paar mooi bulle. Wallie neem hulle met sy video kamera af. By die fontein soek ons buffelspore. Dit was ook nie lank nie of ons kry 'n troppie vars buffelspore by een van die fontein, so 'n vyf of ses, waaronder een baie groot spoor. Ons besluit om op die spore te loop. Die vars mis wat ons kry laat ons besef dat die buffels nie baie vër voor ons is nie. Die spore neem ons deur een van daardie reuse mopanie - boom woude. Onder die bome lê die ou blare dik en ons kan nie sag beweeg nie. Gelukkig is dit ook nie nodig nie want ons kan baie vër sien. Ons gewaar die buffels 'n ent weg en beweeg onderkant die wind nader. Die laaste gedeelte kruip ek en Wallie alleen nader. Dit is baie oop en ons kan nie nader aan die buffels kom nie.

Die buffels is so tagtig meter weg van waar ek en Wallie oor 'n miershoop na hulle lê en kyk. 'n Mooi bul wei reguit na ons kant toe en besluit toe om om te draai en weer reguit van ons af weg te wei. Ek kan nie skiet nie. Hy draai toe effens na links en ek korrel net links van sy boud na sy kortrib, skuins vorentoe, wat 'n dodelike skoot op enige dier is. Ek druk die sneller en die skoot gaan af. Die buffels spring almal na links en hardloop die rugtes in. Hulle gaan staan weer almal so 'n ent weg. Ek probeer weer 'n vloekskoot uit die vuur. Ek weet toe dat iets nie reg is nie, albei skote was mis. Ek voel toe baie sleg. Ons loop 'n hele ent op die spore maar kry geen bloed nie, ons los toe die spore en begin terugloop na die Land-cruiser toe.

Met die terugloop sien ek weer alles voor my afspeel. Ek het 'n paar foute gemaak. Eerstens moes ek nader gegaan het, 'n mens skiet nie na 'n gevaarlike dier met 'n vreemde geweer op 'n lang afstand nie. Soos van die ou buffeljagtes skryf ".....get as close as you can and then get a bit closer..." Ek het nie voor die tyd behoorlik met die geweer geskiet nie, ek het nie die geweer die oggend enigsins geïnspekteer nie. Toe ons later by 'n groot warmwaterbron in die veld stilhou ontdek Wallie dat al die geweer se skroewe los is en een was heeltal weg. Ons draai toe die skroewe vas daar in die veld en ek skiet 'n skoot na 'n teiken wat in die kol is. Wat 'n les het ek nie weerweens geleer nie. Ek voel toe beter met die wete dat die misskoot nie alles my skuld was nie.

MY BUFFEL IN DIE REËN

Ons gaan die middag weer terug na die "home of the buffalo", daar waar ek en Willie so baie buffels gekry het die vorige dag. Die gras om die rietbos lê orals vol buffelmis van die oggend. Dit is nou reeds omtrent een-uur. Ek en Willie en die Scout met sy AK klim voor hierdie plek af en Wallie ry verder, hy gaan vir ons aan die anderkant van die rietbos wag. Toe ons vroeër die dag om die rietbos gery het, het ons twee jong leemannetjies gekry wat in die koelte gelê het van 'n groot boom. Hulle het na 'n rukkie opgestaan en in die rietbos in verdwyn, hulle moet nog daar iewers wees. Dit is darm jammer dat ons nie leepermitte gehad het nie. Ons stap in 'n suidelike rigting. Dit is baie mooi bosveld met groen kortgras kolle met struik omring. Rooibokke en pukus draf en loop van ons af weg, die diere is baie mak. Yslike worsbome en ander doringbome wat lyk soos apiesdoringbome staan oral tussen die kaal kolle gras. Ons beweeg baie stadig met ons sintuie ingestel op enige geluid of beweging.

Ons het net een geweer. (Afgesien van die "scout" met sy AK en drie patrone) Die buffels het nie in hierdie rigting beweeg nie, maar ons maak steeds maar 'n wye draai om te kyk of ons nie spore gewaar nie. Tien treë voor ons spring 'n luiperd agter 'n stomp uit wat oor so 'n effense sloot lê. Die luiperd draf skuinsweg oor een van die graskolle na regs, met kort agterna 'n opgeskote welpie. Kan 'n mens nou meer vra. Agter ons die rietbos waar die twee leemannetjies in verdwyn het, en nou die twee luiperds. Lewers in die omgewing is daar 'n groot trop buffels, olifante se vars mis lê die hele wêreld vol. Ons is werklik in 'n stukkie van Afrika wat nog wildernis is.

Ons beweeg verder, agter ons in die digte gras en biesies grom iets baie groot, baie naby ook. Dit is of 'n luiperd of een van daardie leeus. Al die hare op my lyf staan orent, ons beweeg stadig weg, my vinger op die sneller. Ons gaan 'n meer oop gebied binne en stap in 'n oostelike rigting verby die samevloei van die Lundazi rivier en die Luangwa.

Ons stap al met die droë sandbedding van die Lundazi op. Die sand is hier meer as 'n honderd meter wyd. Verder op in die rivier stap ons oor groen grasperk eilande met riete omring. Hier lê die vars buffelmis die hele wêreld vol. Ons kry modderwatergate waar die buffels vroeër die dag gedrink en gerol het, ons beweeg al met die spore langs. Die spore op die dik gras is moeilik om te sien maar daar is so baie vars buffelmis dat dit baie maklik is om die buffels te volg. Ons kom by 'n meer ruie plek en ons beweeg versigtiger, om op die spore te bly word nou moeiliker en na 'n rukkie kom ons agter dat ons die spore verloor het.

Vervolg na bladsy 7



Vervolg vanaf bladsy 6

'n Ent verder kom ons by 'n tweespoorpaadjie en beweeg al met hom langs om te sien of die buffels nie daaroor is nie . Die "scout" sê ons moet terugdraai om te sien of die buffels nie oos beweeg het nie. Die weer het nou kwaai opgesteek na die noorde toe en die swaar donderwolke is besig om in ons rigting te kom. Reën sal darm baie welkom wees om die geweldige hitte 'n bietjie af te koel. Seker nie twee honderd treë verder nie kry ons die plek waar die buffels oor is en ons swaai weg op die spore. Ons is nou in ruie kort mopanieveld. Die donderstorm is op ons en swaar druppels begin op ons neerplof. Die lafenis is heerlik en 'n mens gee nie om, om nat te reën nie . Op dieselfde oomblik wat dit begin reën gewaar ons die swart massa buffels so 'n sestig treë voor ons in die mopanies. Deur 'n gangetjie beweeg koeie, nog koeie, kalwers, dan 'n bul se horings dan weer 'n klomp buffels gelyk, die lywe van die bulle baie hoër as die ander. Die "scout" sê "... you must shoot, you must shoot..." maar dit is onmoontlik om te skiet. Dit is 'n massa van buffels. Willie maak naderhand die "scout" stil met 'n paar woorde wat ons nie hier kan noem nie. Ek sien toe dat dit nie gaan help om te sit en wag vir 'n oop skoot nie, die mopanies is te ruig .Dit reën nou baie hard. Ek beduie vir Willie en die "scout" om daar te bly en ek bekruipt toe vinnig nader aan die trop buffels wat van regs na links voor ons verby beweeg. Die harde reën sorg dat ek geen geraas op die blare maak nie.. Deur my kop gaan die woorde "....." get as close as you can, then get a bit closer...."



Voor my beweeg die laaste van die trop verby voordat hulle in die digte oewerbos op die wal van die Lundazi gaan verdwyn. 'n Bul met mooi krulhorings en harde basisse staan met sy boude na my toe en vreet gras .Ek is nou naby

die buffel, seker nie meer as twintig, vyf-en-twintig treë nie , plat op die grond , met die .375 met 'n 300 grein Federal soliede punt patroon in die kamer. Hy tel sy kop op en draai na links. Ek was gereed en skiet hom op die kortrib skuins na voor. Ek spring op en laai vinnig en sien dat hy lê. Ek skiet hom toe nog 'n paar skote in die bors. Dit was al amper donker en ek moes seker maak dat hierdie buffel nie daar gaan opstaan nie . Dit was egter nie nodig vir opvolg skote nie .Willie en die "scout" kom nader, die buffel gee sy doodsbulk en die jag is verby. Papnat staan ek en Willie daar en bewonder die buffel, wat 'n pragtige dier is dit nie .Die scout is terug om vir Wallie te gaan roep. 'n Wonderlike jag, 'n ervaring wat ek nooit sal vergeet nie . My buffel in die reën, gejag daar waar die Lundazi by die Luangwa aansluit, daar by" the home of the buffalo".....

SAAM MET WILLIE OP SY EERSTE BUFFELJAG.

Maandag-oggend vier-uur is ons weer op en na 'n beker koffie en genoeg water en iets om te eet gedurende die dag weg met Wallie se Cruiser weer in die rigting van "the home of the Buffalo".Hierdie keer ry ons deur die binneveld.. Langs die pad kyk ons heeltyd vir buffelspore wat gedurende die nag die pad kon gekruis het. Ons sukkel om vars spore te kry .Ons los die voertuig by een van die statte langs die pad en is te voet die bosse in, elkeen met 'n waterbottel oor die skouer ,Willie, Wallie, myself en die 'scout', ons kry later vars spore , maar die buffels het 'n goeie voorsprong en die mis het al 'n droë skil oor . Ons besluit egter om maar die spore te volg. Ons loop weg van die rivier af en klim 'n paar rante oor om te sien of ons nie die buffels kan afsny nie. 'n Paar kilometer verder beweeg ons weer na die rivier se kant toe maar die buffels is reeds daar verby.. Vroue van die statte se kant af is besig om hier klere te was in syferwater sandputte wat hulle in die droë rivierbedding gegrawe het.Een van die gate word vir drinkwater gebruik en die water is helder skoon.Wallie drink van die helder koel syferwater.

Ons verneem van die vroue dat daar vroeg-oggend 'n trop buffels verby is met twee leeus agter hulle aan.Ons is nou baie vër van ons voertuig af en Wallie en een van ons helpers gaan toe terug om vorentoe op 'n afgespreekte plek vir ons te gaan wag. Ons beweeg voort op die duidelike spore weg van die rivier af. Op'n stadium het die buffels geskrik in die vroeë oggendure en ooswaarts beweeg .Ons gaan oor sandrante en in 'n baie droë gedeelte in, die gras staan op plekke twee meter hoog, dit is sulke harde gras so dik soos riete.Ons kruis 'n paar plekke groot vars enkellopende buffelspore maar besluit om op die trop se spore te bly.Ons sien grysbokkies wat vir ons weghardloop. Regs voor ons draf 'n groot trop waterbokke weg. Dit is baie warm en ons was nie voorbereid vir so 'n lang jag nie. Dit begin nou laat word en ons besluit om om te draai. Met 'n omweg loop ons terug in die rigting van die pad. Die volgende oomblik skree die 'scout' iets en begin hardloop, ons skrik en hardloop toe maar agter hom aan, alhoewel ons niks sien nie. Voor ons deur die bosse sien ons later rook trek en 'n stellasië waarop daar baie vleis gepak lê, besig om gerook te word. Hy het toe al die tyd wilddiewe gewaar en wou hulle vang, maar hulle het vir ons weggehardloop.'n Baie ou buffelbul se kop lê eenkant teen 'n boom, 'n regte 'German helmet' tipe bul.Seker nie langer as 'n dag gelede doodgemaak nie. Ek en Willie is toe alleen terug met die "scout" wat by die plek agterbly. Nadat ons vir Wallie opgespoor het, het ons die stropery by die wagpos gaan rapporteer, waarna hulle terug is om die ander 'scout' te gaan haal en die vleis te konfiskeer. Die wilddiewe het toe teruggekom en die 'scout' het 'n skoot op hulle geskiet. Twee dae later hoor ons toe dat hulle wel die wilddiewe aangekeer het.Die hele aangeleentheid maak toe dat die dag verby is en ons moet teruggaan kamp toe.

Willie kon nie vandag'n buffel onder skoot kry nie maar ons het weereens dit wat Afrika ons gegee het en die natuur baie geniet en baie ervaar.Dit was weereens 'n jagdag om lank te onthou.

By die kamp aangekom kry ons vir Piet en Skip elkeen met 'n pragtige Selous sebra. Ons stort en na 'n lekker ete van Wallie raak ons moeg op ons matrasse aan die slaap.

WILLIE SE BUFFEL.

Die volgende oggend is ons weer vroeg op. Dit is nou Dinsdag-oggend en ons sukkel om vier-uur uit die bed te kom.. Na 'n beker lekker koffie ,en ons water en iets om te eet deur die dag op die Cruiser gelaai, ry ons. .Ons ry weer deur die middelveld , dit is reeds baie warm.Die tsetsevlieë pla alreeds.Wanneer ons die statte nader, keer die boorlinge ons voor en sê dat buffels die nag daar naby was , ons loop waar hulle ons wys , maar kry nie vars spore nie. Ons gaan terug na die Cruiser en ry verder, nie baie vër nie kry ons vars buffelspore oor die pad .Drie buffels het in die vroeë oggendure die pad gekruis en dit lyk vars.

Willie wil graag 'n buffel met sy boog skiet . Ongelukkig het ons nie genoeg tyd gehad nie anders sou hy dit reggekry het. Ons volg die spore en sien gou dat dit drie bulle is.Die lang gras is baie droog en die blare lê dik op die grond. Ons sukkel om op die spore te bly maar ons bly soek-soek op die spoor.Willie gewaar iewers in die struik iets en beduie ons moet staan . Met sy verkyker sien hy die kop van 'n buffel deur die droë stokke onder die digte takke.Die manne raak stil agter bosse en Willie en ek kruip stadig nader. Ons kruip nader totdat daar nie meer 'n bos tussen ons en die buffels is nie . Daar is wel sulke lang yl bossietipe stokke tussen ons en die buffels. Willie het besluit om met die .375 te skiet onder die moeilike omstandighede

vervolg na bladsy 8



Vervolg vanaf bladsy 7



Ons kyk lank deur die verkykers, onder die takke lê een groot bul en links van hom nog een, ons sien nie die derde bul nie. Die linkerkantste een is 'n jong bul, die een wat regs lê is 'n ou bul ons kan sy harde horing basisse sien. Sy een horing is effens stomp. Ons soek die derde bul. Ons wag. Links in die ruigtes sien ons die derde bul nader

kom, dit is ook 'n jong bul. Willie moet die regterkantste bul skiet. Die buffel gaan lê met sy kop plat op die grond dit is baie moeilik om te kan skiet. Dit is ongeveer vyftig tot sestig meter, ons kan nie nader gaan nie want dit is te oop met die droë harde stokke al skuiling tussen ons en die buffels. Willie besluit om die ou bul te skiet soos hy lê. Die .375 se skoot gaan af en die buffels spring op en verdwyn almal links in die ruie lalpalms en lang bossie struikeweg. Doodse stilte. Ons beweeg nader en gaan kyk na waar die buffel gelê het...., niks bloed nie. Twaalf treë van waar die buffel gelê het, is die patroon deur 'n twee duim boomstam. Wat nou!

Ons beweeg stadig deur die digte lalpalms en anderkant deur die bossie gewaar ons die buffels. Willie sien die bul met die stomp horing en skiet hom skuins op sy linkerblad na agter met 'n 300 grein Federal soliede punt patroon. Toe hy weghardloop skiet hy hom nog 'n skoot. Ons kyk nog om te sien waar die buffels hardloop toe ons die doodsbulk hoor.

Ons stap nader en hier voor ons is 'n briesende buffel wat nie wil padgee nie, Wallie vra die 'scout' of ons hom kan skiet maar hy wil niks weet nie. Wat nou, ons klim toe maar in die bome. Daar sien ons toe hoedat een van die jong bulle nie sy maat wil verlaat nie. Nadat Willie nog 'n skoot in die grond geskiet het gee hy nog steeds nie pad nie. Eers toe ons met stokke op die takke kap, toe draf hy weg.

Willie het sy buffel gekry, 'n pragtige harde horing bul, hier onder die eeue oue lalpalms van die Luangwa. Ons kom laatmiddag in die kamp aan.

WOENSDAG - SEEKOEIDAG.

Vanoggend gaan ons seekoeie skiet. Ons het permitte vir twee seekoeie. Ons beweeg af met die Luangwa na waar die diep seekoeigate is. Op die wal van 'n draai in die rivier kry ons 'n plek waar daar baie seekoeie is. Daar is plekke in die rivier waar ons honderde seekoeie gesien het. Hier voor ons lê honderd en dertig seekoeie. Sommiges jaag mekaar, ander lê stil, kort-kort is daar die kenmerkende snork van 'n seekoei iewers in die rivier.

Wallie soek een uit, ons help hom, dit is egter nie so maklik nie, die diere beweeg heeltyd en 'n mens moet mooi kyk om 'n groot bul raak te sien. Wallie skiet later op een wat na 'n mooi bul lyk, dit was weer die geweer se skuld, daardie lang sneller wat so ruk-ruk afgaan. Die skoot is bo-oor. Ons wag 'n lang halfuur en besluit om nog een te skiet.

Dit is nou my beurt. Hier links het ek 'n bul gesien met groot oogknoppe en 'n baie lang lyf, sy maer rugstung het vir my gesê dit is 'n ou bul. My eerste skoot was te laag. Die seekoei rol om en om en ek skiet weer en weer en weer totdat hy stil lê. 'n Voorafgereëde makoro kom met die rivier af en twee van die plaaslike mense neem 'n tou en maak die seekoei vas, en ons trek hom op die kant uit.

Daar op die kant neem ons toe eers foto's en kyk na die baie ou seekoei, hy het reeds baie gewig verloor. Daar moet van die diere uitgedun word aangesien hulle te veel word vir die beskikbare weiding en hulle nie baie natuurlike vyande het nie.

Net daar word die hele seekoei bewerk, en die vleis op die



voertuie gelaai. Nie 'n enkele stukkie vleis gaan verlore nie, nie eers 'n stukkie binnegoed bly agter nie. Die hele dier word benut. Die seekoei se tand meet 26 duim. Met die terugry skiet Wallie 'n rooibokram.

WALLIE SE SEEKOEI

Donderdag-oggend is ons vroeg weg na 'n ander plek om nog 'n seekoei te gaan skiet. Ons ry toe 'n vër ent met die rivier af tot by 'n plek waar ons twee dae gelede twee mooi seekoei-bulle gesien het. By die plek aangekom kry ons die twee bulle eenkant weg van die trop af. Wallie besluit op die regterkantste een en skiet hom, hy maak 'n draai en met die draaislag skiet hy hom 'n mooi doodskoot voor die kop. Die manne op die mokoro gaan in en maak hom vas, en ons sleep hom uit op die sand, waar ons eers fotos neem en dan word daar geslag.

Ons sit op die wal en vang babers en kyk na die baie voëls. Die vleisvretende voëls maak ook nou hul opwagting. Eers net 'n alleen geelbekwou, toe nog een wat lui bo in die blou lug sirkel. Toe is daar hoog in die lug 'n klein stippeltjie, en toe verskyn daar 'n aantal stippels wat al hoe groter word soos die aasvoëls nader kom. Hulle pak saam in die bome in afwagting op 'n stukkie aas. Toe ons ry het ons vir hulle 'n bietjie vleis gelos wat ook baie gou verorber is.

Nadat al die vleis gelaai is gaan ons terug kamp toe. Ons kom redelik vroeg by die kamp aan. Nadat die vleis afgelaai is besluit ons om ons Puku te gaan skiet. Wallie en Willie gaan in een rigting en ek saam met Piet en Skip in 'n ander rigting.

'n Hele ent rivier af kry ons 'n mooi groot puku ram maar voordat ek kon skiet verdwyn hy in die ruie oewerbos. Ons ry toe verder. Die donderwolke het weer saamgepak en dit begin lekker reën. Ons soek skuiling onder 'n baie groot ou yveboom. Net toe ons onder die boom stilhou gewaar ek 'n ent weg in 'n droë pan 'n alleen groot puku. Ek weet toe dit moet 'n ram wees en besluit om te gaan kyk. Dit reën nou hard en die lafenis is baie lekker. Ek loop deur 'n oopte met die bok agter 'n bos wat ek die hele tyd tussen my en hom hou. Regs van my is 'n groot mopanieboom met struikeweg onder toegegroe. Tussen die takke deur sien ek die puku staan en bekruipt stadig nader tot by 'n laë dwarstak waaroor ek aanlê en hom agter die linkerblad inskiet met die koël voor die anderkantste blad uit. Hy hardloop 'n ent en slaan neer. Ek gaan terug voertuig toe en ons ry terug om hom te gaan oplaai. Dit is 'n baie ou puku met stomp afgewerkte horings maar baie mooi diep riwwe op sy horings en 'n baie mooi dik nek en digte hare. Net soos my buffel skiet ek toe my puku ook in die reën daar op die walle van die Luangwa. Weereens 'n dag in die veld wat ek nie sal vergeet nie.

Ons is toe eers na die 'scouts' se huise toe en met die terugry kamp toe kry ons 'n baie groot luiperdmannetjie wat voor ons oor die pad loop en stadig deur 'n mopanieboom wegstap. By die kamp aangekom is Wallie en Willie ook reeds terug met elkeen 'n mooi puku. Willie het syne met sy boog geskiet. En dit nie uit 'n skuiling uit nie maar met loop en bekruipt. Dit was weereens 'n vol dag wat onvergeetlike herinneringe sal terugbring.

vervolg na bladsy 9



Vervolg vanaf bladsy 8

DIE LAASTE DAG IN DIE LUANGWA

Dit is nou Vrydag en môre moet ons begin terugry. Wallie skiet 'n chobe bosbok met 'n baie mooi vel. Ons hou ons besig met kampwerk en begin stadig pak. Die middag ry ek saam met Wallie en ek skiet twee van die Luangwa se tarentale wat omtrent net soos ons tarentale lyk maar onder sy keel is daar so 'n lang blou nekvel soos die van 'n elandbul. Die gejeuk en uitslag van die bytplekke van die tsetsevlieë het nou onuithoubaar geword. Geen salf wou help vir die gejeuk nie, nie eers Skip se voltaren inspuitings nie.

Daardie aand maak ons 'n lekker kampvuur en die Luangwa se mense dans en sing vir ons om die vuur. 'n Tipesie Afrika afskeid. 'n Afskeid wat te gou gekom het. Hierdie eerste keer langs die Luangwa sal kampvuur herinneringe bly so lank as wat ek mag lewe.

VANAF DIE LUANGWA NA MPIKA.

Saterdag-oggend nadat ons gelaai het vertrek ons, die sleepwaens is swaar gelaai met al die vleis en kampeertoerusting en ons kan nie te vinnig ry nie. Die reën van die vorige nag het lekker modderkolle in die pad gemaak, maar ons kom sonder teëspoed deur. Ons ry eers oos toe noord en kruis toe die Luangwa en ry in 'n noordwestelike rigting deur die Luangwa noord area waar daar ook jagkonsessiegebiede is. Langs die pad kry ons 'n baie groot trop buffels, 'n paar koedoes en voëls. Die bos is baie ruig en 'n mens moet meer konsentreer op die pad. Ons kan nie vinnig ry nie en daardie dag en nag ry ons negentien ure om die ongeveer twee-honderd kilometer na Mpika af te lê. Vier-uur die oggend kom ons daar aan.

Die volgende oggend het ons 'n paar herstelwerkies aan die voertuie gedoen en toe vat ons die lang pad terug Lusaka toe. Weer kruip ons eers vier-uur in ons slaapsakke in. Maandag rus ons en kry ons goed gereed om die volgende dag na die Kafue vlaktes te gaan waar ons Kafue lechwes en Selous sebras gaan skiet.

DIE LOCHINVAR IN DIE KAFUE VLAKTE

Ons kom eers laat die middag net voor die hekke sluit by die Lochinvar aan. Toe die Afrika papierwerk met die verantwoordelike persone afgehandel is, is dit reeds pikdonker. Ons ry die park binne en bevind ons op 'n groen grasperk vlakke. Net daar trek ons in 'n sirkel en gooi ons matrasse op die gras oop. Na iets te ete raak ons gou aan die slaap onder die helder Afrika sterre. Hier is die aande lekker koel. Toe ons wakker word die volgende oggend kan 'n mens nie glo wat jy sien nie. Op die vlakke so ver jy kan sien is daar troppe en troppe lechwes, letterlik duisende wat op die groen kortgras wei. Ons pak ons paar goedjies op en ry dieper na die moeras se kant toe. Op 'n baie mooi plek slaan ons kamp op. Rondom ons is daar duisende watervoëls en lechwes.

Ek en Piet by 'n pragtige Kafue Lechwe op die grasvlakke van Lochinvar - Kafue vlaktes



Eers gaan ons die sebras skiet en later gaan ons die lechwes aandurf. Die sebras is baie wild, maar ons uitoorlê hulle en Piet en ek skiet elkeen een. Hierdie Selous sebras se velkleur is baie mooi sonder die skadustrepe van die gewone vlaktesebra wat ons in die

laeveld kry. Nadat ons die twee sebras by die kamp afgelaai het begin ons met die lechwe-jag.

Johannes is nou gesond en sal na die slagtery omsien. Die lootjies bepaal Wallie skiet eerste, dan Willie en dan ek. Ons ry eers 'n ent weg van die kamp af en is toe kaalvoet met geweer en skietstok agter die lechwes aan. Piet en Skip is in 'n ander rigting. Om ons in alle rigtings is bokke die hele vlakke vol op die groen gras en water wat so enkeldiepte in die verte wegstrek totdat dit al dieper word daar waar dit oorgaan in 'n meer waarvan die oorkant nie sigbaar is nie. Ons was baie gelukkig en elkeen van ons skiet 'n pragtige ram. Daardie aand eet ons lechwe-lewer wat Skip vir ons voorberei het. Dit is 'n harder lewer as byvoorbeeld 'n rooibok se lewer, maar was baie lekker. Die volgende dag is Skip en Piet op 'n eiland tussen die watervlaktes, agter groot lechwes aan. Om ons Afrika jag af te sluit skiet Piet twee baie mooi trofee lechwe ramme. Daardie nag kom ons weer eers vier-uur die oggend terug in Lusaka in die bed. Die terugkeer na Suid-Afrika het sonder voorval verloop, en was dit nie lekker om Sondag-oggend vyf-uur na die eerste warm bad in bykans 'n maand, weer in jou eie bed te slaap nie.

Dit is ons nie almal beskore om so 'n jagavontuur in Afrika op die ou manier te kon meemaak nie. Dankie Piet, die goeie herinneringe sal ons bybly so lank ons om 'n kampvuur iewers in die jagveld kan deurbring. Ons hoor nog soms in ons gedagtes die leeus se gebrul oorkant die Luangwa, die lawaai van die hiënas op die sand langs die rivier, die basstem van die seekoeie naby die kamp.

Dankie brief Jeanette Rademeyer

Ek het saam met my pa die eerste keer na 'n skiet kompetisie in Pretoria gegaan en het toe self ook moet bymekaar geskraap om deel te neem. Dit was maar moeilik maar ek het dit tog geniet. So het ons by die Jagters Vereniging aangesluit en daar begin deel neem in die .22 afdeling en toe met die .243 waar ek ook goed gedoen het en verskeie eerste plekke behaal het. In 2004 is ek Hoërskool toe en het begin deelneem met Pa se ou BSA windbuks. Die geweer was te swaar en met aanbeveling van die Afrigter het ons 'n Gamo 640 aangeskaf en daarna was die koeël deur die loop en die belangstelling was behoorlik aangewakker. Hier het ek gevorder en het die Provinsiale span gehaal en tweede in die Provinsie geëindig. Daardie jaar het ek aan die SA's in die Wes Kaap gaan deel neem.

In 2005 het my pa vir my 'n Sporter gekoop. Hiermee het ek goed gevorder en in April in Bloemfontein aan die Suidelike Ope gaan deel neem aan die SANSSU skole affiliasie. Daar het ek gekwalifiseer om aan die Nasionale Proewe in Kimberley te gaan deel neem in die 10m Olimpies Sport Dogters. Maar dit was nie vir my beskore om die span te haal wat gaan toer het na Engeland nie. Ek het wel in verskeie ander kompetisies soos in Vanderbijl en die Limpopo Provinsie goeie resultate behaal. In Desember 2005 het my pa vir ons 'n Presisie geweer aangeskaf wat meer kompetender was. In Bloemfontein het ek weer gekwalifiseer om by die Nasionale Proewe in Kimberley te gaan skiet. Hier het ek toe Nasionale skole span gehaal in die 10m Olimpies Presisie Dogters. Ek het my SA skole Nasionale klere verwerf. So het ek dan na Engeland getoer om aan die British Internasionale Bisley Kampioenskappe deel te neem. Hier het ek 'n 11de plek behaal in die 10m Olimpies Presisie en in die 10m, 3 Posisie Presisie 'n 23ste plek. Ons het ook in span verband deel geneem en die span het 4de geëindig. Hier het ek my persoonlike beste punte geskiet. Die teikens wat gebruik word is die volpunt punt teling kol 5mm groot en die spasies tussen die ander telings 2mm elke keer groter. Daar word een skoot per diagram geskiet. My punte in Engeland was 359 uit 'n moonlike 400 in die 10m Olimpies Presisie en 'n 555 uit 'n moonlike 600 in die 3 Posisie Presisie. Ek hoop om volgende jaar my Protea klere in Suid Afrika te kan kry. Ek het reeds in 2 kompetisies in die Finaal geskiet en elke keer 6de geëindig. Ek wil hiermee u bedank vir die BJV se bydrae vir die Engeland Toer, ook almal wat altyd bereid is om my te ondersteun met 'n geldelike bydrae.

Groete Jeanette Rademeyer



Impala
Foto Galery 2007



André met 'n Buffel



Ben Coetzee met 'n swartwillie



Herman Heinlein met 'n
blesbokooi



Herman Heinlein met 'n
blesbokram



Manie Herman met 'n blesbok



Manie en Ben met springbokke



Marius Odendal met 'n blesbok



Neels Mulder met 'n gemsbok



Neels met 'n blesbok



LETABA WILDSETE 2006



TROFEEKOMPETISIE 2006



JUNIOR II KURSUS: SOUTPANSBERGTAK

Dit is 8 April 2005 en 12:00 namiddag. Ons kom almal bymekaar om te vertrek. Daar is altesaam 9 seuns wat die kursus gaan meemaak. 'n Mens kan op hul gesiggies sien dat die opgewondenheid hoog loop. Hulle help fluks om al die kampgerei te laai. Eindelik ten laaste is alles gelaai en vertrek ons. Die kursus word aangebied op die plase Oliphantspan en Groenpan wat geleë is in die Baltimore-distrik en behoort aan Sirkel-N Boerdery. Ons gasheer en -vrou vir die naweek is Rudi en Jeany Heinlein.

Met ons aankoms ongeveer 15:00 by die kamp waar ons gaan tuisgaan op die plaas Oliphantspan wag Rudi ons reeds in en heet ons welkom. Daar word dadelik met die afpak en tent opslanery begin. Omstreeks 16:30 is ons kamp in plek en vertrek ons na die skietbaan waar die seuns hul skiettoets moet aflê. Met ons rit na die skietbaan het die jagkoors behoorlik posgevat. Daar is heelwat rooibokke, koedoes, blouwildebeeste, ens. gesien, maar die opgewondenheid onder die seuns was die meeste vir die rooibokkramme wat hulle gesien het, want dit is wat hulle gaan jag.

Met ons aankoms by die skietgat, word die seuns gou ingedeel en toegewys aan 'n Instrukteur. Elke seun kry die geleentheid om in die teenwoordigheid van sy Instrukteur 'n paar skote af te vuur en sy skiettoets af te lê. Om 18:00 vertrek ons na Rudi en Jeany se woning. Daar word ons bedien met heerlike koffie en koeldrank. Ons wys vir die seuns 'n DVD oor skootplasing en doen vlugtig hersiening van hul Junior I-kursus. Om 20:00 is ons terug by die kamp vir aandete. Rudi is die kok en bederf ons met 'n heerlike tarentaalpot met roomsous, pap, rys en slaaie. Die seuns sowel as die grootmense het behoorlik weggeleë aan die pot.

Saterdagoggend om 05:00 staan ons op en die seuns word wakker gemaak. Die vrouens sit vir ons koffie en beskuif voor. Om 06:00 vertrek ons en elke instrukteur word in 'n kamp afgelaai. 08:30 en die eerste 2 bokke lê. Om 10:00 breek ons vir ete. Die manne kla hul sien net trofee gehalte rooibokkramme wat ons vanselfsprekend nie mag skiet nie. 11:00 en die manne is terug in die veld. Omstreeks 14:00 hang daar nog 3 rooibokke aan die hak by die slagplek.

Intussen word die seuns wat klaar geskiet het die vaardighede van slag aangeleer. Opmerkings soos "sies maar dit stink" is nogal gereeld gehoor. 17:30 en nog 3 rooibokke word afgelaai by die slagplek. Om 19:30 is al die slagting afgehandel en is ons terug by die kamp. So tussen die reuke van braaivleis word die dag se gebeure behoorlik bespreek. Die seuns vertel opgewonde aan mekaar oor hoe hul daardie bok van hul gejag het. By ons manne se geselskap bied Rudi aan om 'n kursus vir die skatting van horinglengtes vir Nardus vir 'n naweek aan te bied, omrede hy en sy student met 'n 25½ duim rooibokkram opgedaag het. Soos gewoonlik word die skuld toe weer voor my deur geleë.

Net voor aandete was dit tyd om die seuns behoorlik in te lyf in die wêreld van die jagter. Hierdie voorreg het Jeany te beurt geval en sy het die stukkies rou lewer aan die seuns gevoer. Party van die seuns se wange het lelik opgeblaas en moes hulle rieme neerlê na die naaste bosse. Die res van die aand word daar lekker om die kampvuur gekuier. Later die aand toe die stilte oor die kamp daal, sit ek nog aan my pyp en suig en staar na die vlamme, en kom ek tot die besef dat hierdie wonderlike naweek tot 'n einde gekom het. Toe ek opstaan om my kooi op te soek, kan ek nie anders as om te wonder of hierdie seuns regtig besef watter voorreg hul gehad het nie.

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om my Instrukteurs, Leon, Mike, Nardus, Rudi, Gerrie en Abri te bedank vir hul geduld en tyd. Julle het gemaak dat die kamp 'n groot sukses was. Aan die vrouens Adri, Marie, Lerina, Jeany en Anel, baie dankie vir die lekker kos. My hartlike dank aan die Direkteure – tannie Emma, Niel en Anina O'Niel, Rudi en Jeany Heinlein van Sirkel-N Boerdery vir 'n wonderlike naweek en vir julle oop hand. Dit word opreg waardeer.

Artikel deur Frans Heinlein



Die toets van 'n geweer deur 'n BAIE goeie vriend

Ek het eergister met 'n sekere 6.5x55 Sweedse Mauser geskiet in Harrismith. Ek het so lekker geskiet dat ek nie agtergekom het ek skiet die loop te warm nie. Eers toe hy rooiwarm is, en hy begin bont skiet besef ek daar is fout. Toe ek aan die loop vat, brand hy my 'n blaas. Ek dog toe ek maak n plan om hom gou koud te kry, en ek druk hom toe vinnig onder 'n kraan met koue water. Hy was so warm, die water het sommer gestoom. Toe sien ek dit lyk of die loop skeef trek van die skielike afkoel, en skiet toe sommer weer 'n paar skote om te sien of hy darem nog reguit skiet. Maar hy bly toe links skiet, en die enigste raad was toe om die loop met 'n hamer 'n bietjie na regs te slaan. Na 'n paar keer se getimmer kry ek hom toe darem dat hy op so 50 meter min of meer in die kol skiet. Maar op 100 meter skiet hy nog so 6 duim regs. Ek weet nie waar hy sal skiet op 200 meter nie, maar ek skat seker so 15 duim regs. 'n Mens sal maar net moet leer om jou afstande reg te skat, en dan moet onthou om toe te gee met die dat die geweer nou so regs skiet.

Ongelukkig het die loop toe nou met die wat ek hom met die hamer moes slaan 'n paar lelike duike in gekry, maar ek leen toe een van my pel se yster vyle, en vyl hulle toe uit, maar dit lyk toe nie so mooi nie, en ek besluit toe maar om die lelike plekke uit te haal en ek koop toe Prutley putty en smeer dit aan om die loop darem glad te kry. Maar die kleur lyk toe nie so goed nie, en ek probeer toe om met 'n blikkie spuitverf dit weer mooi swart te kry. Maar die swart en die kleur van die putty het toe een of ander chemiese reaksie veroorsaak, en dit kom toe camo groen uit. Ek dog toe dit is cool, want nou kan jy sommer tot lekker naby bekruip sonder dat die bok jou sien, en dan hoef jy nie toe te gee vir die dat die geweer nou regs skiet nie. Ek is nou nogal trots op myself, omdat ek nou sal help dat jy 'n etiese jagter sal wees en jy nie van 'n bakkie af sal kan skiet nie, omdat jy tot baie naby sal moet bekruip voor jy skiet. Ek bied ook spesiale bekruip kursusse aan, maar jy sal jou geweer moet saambring, want ons sal eers mooi moet sien hoe skiet hy onder veld toestande, want dit sal die inhoud en tydsduur van die kursus beïnvloed, asook spesiale aangepaste bekruip aksies, want die normale "leopard crawl" van die army sal nie werk nie.

Ek het toe sommer spesiaal moeite gedoen om die res van die geweer te laat aanpas by die spesiale camo groen kleur van die loop, maar dit is so 'n bietjie donkerder as die loop, maar moenie worry nie, dit lyk eintlik nie te sleg nie. Ek is veral trots op die verf op die teleskoop se lense, want dit sal nou glad nie blink in die veld nie. Nou sal jy regtig naby kan kom.

Is ek nou nie 'n goeie pel nie? Ek toets jou geweer uit, sorg dat hy op 50 meter die bok se blad sal tref, en camo dit sommer op die koop toe. Daar is nog net een ding wat ek sal moet uit "figure", en dit is hoe om die loop skoon te maak, want 'n normale reguit stok sal nie meer werk nie. Maar moenie worry nie, ek sal by die fabriek uitvind of hulle nie spesiaal vir ons 'n gebuigde een kan maak wat jou geweer se loop kan skoonmaak nie. Daaroor sal ek later weer met jou praat.

Beste wense

Jou goeie vriend

Diderickus Gunsmitikus

JAARBEPLANNING VAN MAGALIESBERG TAK 2007

SKIETDAE

20 Jan 07	
17 Feb 07	
17 Mrt 07	
21 April 07	Voorseisoen skiet dag & Impala aand
19 Mei 07	
16 Jun 07	
21 Jul 07	Nie offisiële skiet dag
18 Aug 07	
15 Sep 07	Intertak skietdag
20 Okt 07	AJV
17 Nov 07	

OPLEIDING

Bekwaamheid:

23 & 24 Jan	-	Eksamen 30 Jan
17 & 18 April	-	Eksamen 24 April
14 & 15 Aug	-	Eksamen 21 Aug

Trofee Meeting Kursus:

10 Mei 07

Baan Offisiere Kursus:

8 Feb 07

Herlaai Kursus:

16 Jun 07 / 21 Jul 07 (Sal bevestig gedurende die jaar)

Junior 1 Kamp

16, 17 & 18 Feb 07
18, 19 & 20 Mei 07
14, 15 & 16 Sep 07

Junior 2 Kamp

1, 2 & 3 Jun 07

VERGADERINGS

16 Jan 07
06 Feb 07
06 Mrt 07
03 April 07
01 Mei 07
05 Jun 07
07 Aug 07
04 Sep 07
02 Okt 07
06 Nov 07

SOSIAAL

23 Jan 07	Sosiaal Vergadering
21 April 07	Impala aand saam Voorseisoen Skiet dag
29 Sep 07	Impala aand & Trofee Meeting - Uitvoerend



So moet 'n koedoe lyk

Pietersburgtak kalender

Februarie 2007

- 6 CHASA opleiding
- 7 CHASA opleiding
- 8 CHASA opleiding
- 10 Potgietersrus Inter-tak skietag te Potgietersrus
- 13 BJV Vergadering
- 15 Wereld Vleilanddag seminaar te Pietersburg Klub.
- 17 Gesamentlike skietdag met SA Sportjag, CHASA skiet en eksamen 0800
- 21 HERLAAI KURSUS Deel I Chris du Preez aanbieder
- 22 HERLAAI KURSUS Deel I Chris du Preez aanbieder

Maart 2007

- 3 Rondomtalie Skietdag
- 6 BJV Vergadering
- 13 HERLAAIKURSUS Deel II Chris du Preez
- 14 HERLAAIKURSUS Deel II Chris du Preez
- 16 Wereld meteorologiese seminaar te Pietersburg Klub met gasspreker.
- 22 Spoorsnykursus te Musina
- 23 Spoorsnykursus te Musina
- 24 Spoorsnykursus te Musina
- 25 Spoorsnykursus te Musina
- 27 CHASA Her-eksamen.

April 2007

- 10 BJV Vergadering
- 12 Taakspan vergadering – Junior I&II
- 14 Skietdag te Jimmy Mulder
- 17 Noodhulpkursus
- 18 Noodhulpkursus
- 19 Noodhulpkursus
- 24 Vleisopsny kursus

Mei 2007

- 8 BJV Vergadering
- 9 HERLAAIKURSUS Deel III Chris du Preez
- 10 HERLAAIKURSUS Deel III Chris du Preez
- 15 Vleishantering Kursus Chris du Preez
- 16 Vleishantering Kursus Chris du Preez
- 19 Gesamentlike skietdag met SA Sportjag.
- 25 CHASA 25ste Verjaarsdag Kongres te KZN

Junie 2007

- 5 BJV Vergadering
- 12 CHASA opleiding
- 13 CHASA opleiding
- 14 CHASA opleiding
- 16 Skietdag, CHASA skiet
- 20 Wereld Omgewingsdag seminaar te Pietersburg Klub met gasspreker
- 21 CHASA Eksamen

Julie 2007

- 17 BJV Vergadering
- 24 CHASA Hereksamen

Augustus 2007

- 7 BJV Vergadering
- 14 HERLAAIKURSUS Afronding Chris du Preez
- 15 HERLAAIKURSUS Afronding Chris du Preez
- 18 Rondomtalie skietdag
- 21 Vleisopsny Kursus

September 2007

- 1 Nasionale boomplantdag – BJV Boomplanting by Klubhuis
- 4 BJV Vergadering
- 8 BJV Galafunksie, oorname deur nuwe bestuurslede
- 12 Wereld osoonlaagdag seminar by Pietersburg Klub met gasspreker
- 15 Skietdag te Jimmy Mulder (Magaliesburg Inter-tak skietdag)
- 18 BJV Bestuurslede vergadering.

Oktober 2007

- 3 Wereld habitatdag seminar te Pietersburg Klub met gasspreker
- 9 BJV Vergadering
- 20 Skietdag
- 23 Vleishantering Kursus Chris du Preez
- 24 Vleishantering Kursus Chris du Preez

November 2007

- 6 BJV Afsluitings vergadering en braai
- 13 CHASA opleiding
- 14 CHASA opleiding
- 15 CHASA opleiding
- 22 CHASA eksamen
- 24 Skietdag – gesamentlik met SA Sportjag (CHASA skiet)
- 27 CHASA her-eksamen

Desember 2007

- 4 Kalender beplaningsvergadering (Bestuur)
- 11 Algemene beplanningsvergadering (Bestuur)

Pietersburg taklede: belangrike inligting

E-pos asseblief julle besonderhede en epos adresse na die tak by bjvpbg@yahoo.com. Daar word maandeliks 'n nuusbrief genaamd die Visier met epos uitgestuur om inligting goedkoop en vinnig deur te stuur omdat die sms sisteem deesdae altyd laat is of gladnie deurkom nie.

**BESTAAN DAAR IETS SOOS DIE LIVINGSTON ELAND?
Deur Stephan du Plessis**

Dit is vir my altyd lekker om die dier-identifikasie deel van die CHASA-kursus aan te bied, want daar is gewoonlik 'n kursuganger teenwoordig wat jou as instrukteur iets kan leer, of daar is 'n vraag waarvan jy nie die antwoord kan gee nie en wat jou dan dwing om weer oor die onderwerp te gaan naalees. Dit hou die instrukteur op sy voete en indien die inligting by toekomstige lesings bygewerk word, hou dit die lesings ook lewendig en interessant.

Ek kry toe onlangs mos juis so 'n vraag wat my gedwing het om weer die boeke oop te slaan. "Is daar iets soos 'n Livingston eland?" Onmiddellik gaan 'n klomp van julle uit vollebors "ja" antwoord. Ek bedoel, oom Jan, daar op Bandelierkop waar jy jaar na jaar gaan jag, het dan net nou die dag R15,000.00 vir 'n opregte Livingston bul betaal. Pasop! Die antwoord op die vraag is dalk nie so eenvoudig nie.

Subspesies ontwikkel gewoonlik wanneer 'n fisiese hindernis soos byvoorbeeld 'n berg, woestyn of 'n groot rivier 'n spesie verdeel en die twee populasies dan apart van mekaar verder sou ontwikkel. Dit is duidelik die geval met die blesbok (*Damaliscus pygargus phillipsi*) en bontebok (*D. pygargus pygargus*), asook met die rooibok (*Aepyceros melampus melampus*) en die swartneusröoibok (*A. melampus petersi*). Dit is egter tog nie die geval met elande nie. Daar is geen versperring wat populasies van mekaar weg hou nie. Indien 'n Kaapse eland 300 jaar gelede by Kaappunt gestaan het en hy sou besluit Harry en sy strandlopervriende maak nou die wêreld darem te warm vir hom, was daar niks wat hom sou verhoed om vir sy neefs in Somalië te gaan kuier nie.

Vervolg na bladsy 15



vervolg vanaf bladsy 14

En oppad kon hy nog 'n paar oulike Livingston versies vermaak het met sy stories oor die waterfront en Tafelberg. As mens byvoorbeeld gaan kyk na vlakhase (*Lepus capensis*) wat ook 'n groot verspreidingsgebied het, dan sê die slim mense vir ons dat, as gevolg van die groot verspreidingsgebied en gene wat maar binne 'n sekere populasie en omgewing bly, jy redelike variasies in kleur, grootte en gewig kry tussen die diere in die Kaap en die in byvoorbeeld China. 'n Haas kan tog net sò ver loop om sy gene te versprei en inteling te voorkom. Dan is sy bene moeg en is die kos ook nie meer so lekker soos agter die bult vanwaar hy begin het met sy uitstappie nie. Hoekom kan dit nie dieselfde by elande wees nie? Is dit nie maar net omgewingsfaktore wat 'n kleurverskil in verskillende populasies tot gevolg gehad het nie? Nou is ek weer terug by die vraag wat die hele relaas tot gevolg gehad het. Is daar iets soos 'n Livingston eland? Kom ons kyk wat sê die boeke.

Volgens die 2005 uitgawe van *The Mammals of the Southern African Subregion*, wat as die soogdierbybel beskou word, het 'n sekere Ansell in 1972 drie subspesies van die gewone eland (*Tragelaphus oryx*) gelys. Daar word egter ook somer dadelik erken dat integrasiesones tussen die subspesies wyd en swak gespesifiseer is. Die beskrywing van die spesies, behalwe vir kleurverskille, is ook dieselfde. Die een word dus nie beskryf as groter of swaarder as die ander nie, behalwe vir omgewingsfaktore wat grootte beïnvloed. Die subspesies wat gelys word is:

T. oryx oryx of die Kaapse eland wat volgens *The Mammals of the Southern African Subregion* oorspronklik die suidelike gedeelte van die spesie se verspreidingsgebied beset het. Dit is vanaf die Kaap af noordwaarts in Suid-Afrika en in die suidelike dele van Botswana in en tot in noord Namibië.

T. oryx livingstonii of die Livingston eland het die middelste gedeelte, insluitende dele van Angola, Zambië, die suide van die DRK, Zimbabwe, Mosambiek en Malawi beset.

T. oryx pattersonianus of dan die Oos-Afrika eland het die gebied noord van *T. oryx livingstonii* tot in Somalië beset.

Roland Ward herken ook die drie subspesies. Volgens die 2006 uitgawe van *Rowland Ward's Records of Big Game Volume 1*, kom *T. oryx oryx* in Suid-Afrika en die suidelike dele van Botswana en Namibië voor. *T. oryx livingstonii* kom voor in die verre noordelike deel van Suid-Afrika, Botswana, Namibië, Angola, Zimbabwe, Zambië en Malawi tot in die verre suide van Tanzanië, terwyl *T. oryx pattersonianus* van Tanzanië af noordwaarts deur Kenia, suid-oos Soedan en suid-wes Ethiopië en wes tot in Uganda en Rwanda voorkom. Roland Ward noem egter ook dat daar 'n breë oorvleuelingsgebied is waar diere, wat kenmerke van beide spesies vertoon, voorkom. Dit is duidelik dat die twee gesaghebbende bronne nie eers honderd persent saamstem oor die verspreidingsgebiede van die verskillende subspesies nie.

Vir interessantheid lys ek die minimum horinglengte vir opname deur Roland Ward asook die huidige rekord vir die verskillende subspesies.

Kaapse eland:	minimum is 35", rekord is 46 ³ / ₄ "
Livingston eland:	minimum is 35", rekord is 46 ⁵ / ₈ "
Oos-Afrika eland:	minimum is 33", rekord is 42 ¹ / ₈ "

Daar is dus ook nie 'n groot verskil tussen die Kaapse en Livingston eland wat betref horinglengte nie.

Gaan tik jy egter enige van die drie name op die internet in word net *T. oryx* gekry. Geen subspesies nie. En as jy gaan kyk na al die foto's op die verskillende webbladsye, het al die diere die kenmerkende wit strepe van die Livingston eland. Weereens met net een algemene beskrywing vir elande - geen subspesies nie.

Nou wat sê die Natuurbewaringsdepartement oor dit alles? Daar word oor die algemeen tog streng beheer uitgeoefen op die beweging van subspesies om verbastering te voorkom. So byvoorbeeld mag bontebokke nie aangehou word op eiendom as daar binne 30km 'n blesbokpopulasie voorkom nie. Geen permit word meer uitgereik vir die privaat vervoer van Hartman se bergsebras (*Equus zebra harmannae*) in Suid-Afrika nie. Dieselfde streng maatreëls geld vir die vestiging en vervoer van swartwildebeeste (*Connochaetes gnou*), juis om verbastering met blouwildebeeste (*Connochaetes taurinus*) te voorkom, en hulle is nie eers subspesies nie! So is daar verskeie ander voorbeelde. Nou is die vraag hoe kan Natuurbewaring die verkoop en vervoer van die "Livingston" Eland, waarvoor oom Jan R15,000.00 betaal het, toelaat aangesien Skinner en Chimimba in *The Mammals of the Southern African Subregion* sê dat daar nie Livingston elande natuurlik in Suid-Afrika voorgekom het nie? Maklik. Soos Roland Ward beskou die plaaslike Natuurbewaringsdepartement die gebied noord van die Soutpansberg as natuurlike Livingston verspreidingsgebied met die res van die Limpopo provinsie as deel van daardie breë oorvleuelingsgebied waar diere, wat kenmerke van beide subspesies vertoon, voorkom. Hulle houding is dus dat daar nie suiwer diere van enige van die twee subspesies in die Limpopo provinsie is nie. Hoe Roland Ward bepaal of 'n eland 'n Kaapse eland of 'n Livingston eland is, is nie vir my duidelik nie. Daar is Kaapse Elande opgeskryf wat in Alldays en Messina gejaag is, en daar is Livingstons opgeskryf wat in Ellisras gejaag is. Die oorgrote meerderheid van elande wat egter in Suid-Afrika, en dan spesifiek die Limpopo provinsie opgeteken is, is egter Kaapse elande. Dit wil vir my so al lyk of dit hier by ons net die verkopers van "Livingston" elande is wat baat by die transaksie.

So, hoe lyk 'n eland? Elande is die grootste antilope in Afrika. Bulle is gemiddeld 1,7 meter hoog by die skouer. Op sesjarige ouderdom kan hulle tot 700kg weeg. Massas van tot 940kg is egter al aangeteken. Koeie is kleiner en is gemiddeld 1,5 meter hoog by die skouer met 'n massa van tot 460kg. Elande wat in die Drakensberg voorkom is kleiner as hulle familie op die vlaktes. Verskillende studies het die bulle hier se gemiddelde gewig bepaal op so tussen 411 kg en 453kg, terwyl koeie tussen 286kg en 305kg weeg. Beide geslagte se gemiddelde skouerhoogte was 1.35 meter. Moet egter nie dink omdat elande groot is dat jy hulle somer gaan instap nie. Al is hulle die stadigste van al Afrika se antilope is hulle stapspoed steeds vinniger as 'n mens s'n. Hulle massiewe lywe maak hulle ook nie lomp nie - 'n volwasse eland kan lag-lag twee meter hoog spring!

T. oryx oryx is 'n dowwe vaal-bruin kleur sonder vertikale wit strepe oor die lyf met gewoonlik 'n donkerbruin merk agter die knieg van die voorbene. Elande in die suide van Botswana en noorde van Namibië is 'n donkerder vaal-bruin (nog 'n subspesie dalk?), ook sonder die wit strepe. Soos mens egter noord- en ooswaarts beweeg begin mens individue vind met een of twee wit strepe tot in Zambië, waar die volwasse bulle ses of sewe (Roland Ward sê agt of nege) vertikale wit strepe oor die boonste dele van hulle lywe het. Die strepe, tesame met 'n donkerder vaal-bruin kleur en 'n donker "kousband" bo die knieg onderskei hulle as die subspesie *T. oryx livingstonii*. Skinner en Chimimba noem egter nie die kousband nie. Soos by die Livingston eland het *T. oryx pattersonianus* ook wit strepe, alhoewel dit bietjie donkerder is. Die kootbene is swart en nie wit, terwyl 'n wit V gewoonlik oor die voorkop sigbaar is. Soos reeds gesê is daar egter 'n baie breë gebied waar veral die Kaapse en Livingston elande oorvleuel en diere in Zimbabwe, Limpopo en die suide van Mosambiek toon kenmerke van beide die subspesies. Ou bulle van al die subspesies kry 'n grys-blou kleur as hulle begin oud word. Dit is die gevolg van haarverlies en die grys-blou kleur wat mens sien, is die dier se vel.

vervolg na bladsy 16



vervolg vanaf bladsy 15

Soos reeds genoem, het elande 'n groot verspreidingsgebied in Afrika. Van suidoos-Soedan en suidwes-Ethiopië suidwaarts, hulle is egter uitgewis in Burundi. Na die weste toe, vanaf suidwes-Soedan weswaarts tot in noord-Kameroen word die spesie deur die reuse eland, *Tragelaphus derbianus*, vervang. *T. derbianus* word egter as skaars beskou.

In die suidelike-Afrika substreek was hulle voorheen beperk tot die noordoostelike dele van Namibië, suidwaards teen die oostelike grens af tot ongeveer by die 23° suidelike breedtegraad. Hulle kom steeds in groot getalle in die gedeelte van Namibië voor. Alhoewel hulle voorheen wydverspreid in Botswana voorgekom het, kom hulle nie meer in die meer ontwikkelde oostelike dele (met die uitsondering van die Tuli blok) en die Okavango Delta voor nie. Groot populasies kom egter nog in die Kgalagadi Oorgrenspark voor. In Zimbabwe is hulle grootliks uitgeroei op die hoëveld-plato. In Mosambiek het die burgeroorlog sy tol geëis en kom hulle nog net in dele van die Manica provinsie voor. In die Banhine Nasionale Park is ook nog geïsoleerde groepies. In Suid-Afrika het hulle voorheen tot so ver suid as die Kaapse skiereiland voorgekom. Huidiglik kom hulle slegs natuurlik voor in die verre noorde van die Noord-Kaap waar diere uit Botswana oor die grens kom, dele van die Noordwes en Limpopo provinsies en in die Natal Drakensberge. 'n Groot populasie kan ook in die Suikerbosrand Natuureservaat in Gauteng gevind word.

Elande beset verskeie habitate wat wissel van Kaapse fynbos, Karoo veld, Hoëveld grasvelde en Drakensberge, en selfs bosveld savanna. Die verskeidenheid habitate spruit voort uit hulle vermoë om sonder oppervlaktwater te oorleef en hulle vermoë om 'n verskeidenheid voedselbronne te benut. Die enigste gebied wat hulle nie histories beset het nie, was die westelike dele van Namibië waar die gemiddelde jaarlikse reënval minder as 300mm is. Hulle is ook nie uitsluitlik daglewend nie en, veral in die somer, wei hulle tot na sonder. Elande is nie kieskeurig in wat hulle eet nie en benut beide gras en blare, alhoewel dit lyk of hulle in die somer gras verkies en in die winter blare. Met hulle horings kan hulle takke, van tot 75mm in deursnee, afbreek om die blare by te kom.

Elande kom in troppe voor wat kan wissel van 'n paar diere tot etlike honderde diere. Afhangende van die seisoen sal die troppe wissel in grootte. Die individue wat 'n trop saamstel verander ook afhangende van die seisoen.

Dominansie in beide geslagte word deur middel van verskeie vorms van rituele gedrag bepaal. Indien gevegte wel uitbreek kan dit fataal wees vir die verloorder. Koeie verjaag vreemde kalwers ook gewelddadig. Stormlope is skaars, maar as dit wel plaasvind, met die horings laat sak, is dit gewoonlik al oortuiging wat 'n opponent nodig het om liever pad te gee. Navorsers kon geen bewys van territoriale gedrag, in die sin dat 'n territorium verdedig word, by elande vind nie. Hiërargie word bepaal deur grootte en ouderdom, met die ouer, groter bulle wat die jonger, kleiner bulle domineer.

Wanneer volwasse elande loop word 'n kenmerkende klik-geluid voortgebring. Die oorsprong van die klik-geluid was al die besprekingspunt vir menige argumente. In sy boek, *Beat About the Bush* (2005), beweer Trevor Carnaby dat die geluid voortgebring word deur die kloutjies wat oopsper as gevolg van die gewig wat die dier daarop sit. Wanneer die poot opgelig word en die gewig dus verwyder word, klap die kloutjies weer toe. Op grond van Posselt (1963) se navorsing aanvaar Skinner en Chimimba (*The Mammals of the Southern African Subregion*) egter dat dit die knieg is wat die oorsprong van die klik-geluid is.

Alhoewel elande regdeur die jaar sal paar is die piek kalftyd van Augustus tot Desember.

Die koeie in 'n trop word slegs deur die dominante bul, wat dan ook ander bulle aktief weghou van die koeie wat in esterus is, gedek. 'n Enkele kalf word ongeveer 270 dae na paring gebore en alhoewel tweeling voorkom, is dit baie seldsaam. Kalwers kan binne 4 ure na geboorte hardloop en sal net deur sy eie ma gesoog word waarna hulle op ongeveer 4 maande gespeen word. Die rekord opgetekende ouderdom vir 'n eland in gevangenis, is 18 jaar en 8 maande.

Voorwaar 'n interessante bok! Of dit die vraag oor subspesies beantwoord, daarvan is ek nie seker nie. Dit lyk vir my of niemand huidiglik hierdie vraag onomwonde kan antwoord nie. Miskien toon DNA navorsing in die toekoms dat daar geen subspesies is nie. Dink net hoe jammer oom Jan dan gaan wees. Ek wonder hoe smaak sulke R15,000.00 biltonge? Ek glo daar gaan nog baie en lang kampvuurdebatte oor die onderwerp wees. Maar dit is tog 'n deel van die jag wat nooit weggevat moet word nie, daai kampvuurdebatte. Wie weet, miskien kry ek volgende keer 'n vraag oor klipspringers. Het julle geweet daar is 'n subspesie (ja, 'n subspesie) in Kenia en Tanzanië waarvan die ootjies ook horings het?

Verslag van die Bosveld Jagters Vereniging se betrokkenheid by en bydrae tot die aanloop van die stigting van Chasa.

Op die Algemene Jaar Vergadering gehou **10 November 1979**:

klousule 5 verwys na Dr. Potgieter [besoeker van SA Jag] wat die voorstel van die stigting van 'n gesamentlike front van Jag Verenigings op die tafel lê.

Klousule 6 vermeld dat ons Sekretaris rapporteer van sy vergadering in Durban op 28 Oktober 1979 en dat ons moet trag om onderlinge skakeling onder mekaar uit te bou..

Klousule 7 berig dat ons voorsitter, Adv. P Cloete, voorstel dat op die eerskomende vergadering 'n permanente Verteenwoordiger op die Ko-ordinerende Komitee aangestel moet word.

Op die Bestuursvergadering van **18-Januarie 1980** word onder klousule 4 kennis geneem van die ko-ordinering met SA Jagters en die Natal Verenigings.

Op die Bestuursvergadering van **20 Augustus 1980** word die volgende besluite geneem:

Klousule 4 (iii) a: Mnr. G. Swan word afgevaardig na Durban [Natal Vereniging] en Mnr. A. Vermaak na Pretoria [SA Jagters Vereniging] om dié se onderskeie vergaderings by te woon.

Op die Algemene Jaarvergadering gehou die **1 November 1980** word vermeld as volg:

Klousule 4: Sake voortspruitend dat die Sekretaris verslag van sy besoek lewer. *Die Voorsitter maak melding van die "Oorkoepelende Komitee "wat nou gestig is.* [Daar word egter geen melding gemaak van die datum en ook nie van die onderskeie lede wat op die komitee dien nie.]

Klousule 5 (i): Mnr. Tim Ivins van Natal Jagters tree as gasspreker op en (ii): Dr. Luc Meulenaar van SA Jagters tree as tweede gasspreker op.

Op die vergadering van **15 November 1980** onder New Matters word die volgende genoem:

"The formalising of the committee (chasa) was agreed upon to consist at this stage of – 2 members plus 1 alternate of each association, as nominated by their EXCO committee." Vervolg na bladsy 17



vervolg vanaf bladsy 16

The name of the committee would be: **THE CONFEDERATION OF HUNTING ASSOCIATIONS OF SOUTHERN AFRICA. (C.H.A.S.A.).**

C.H.A.S.A. would comprise of members from:

A. Provincial and Regional Associations:

- 1) Natal Hunters & Game Conservation Association
- 2) S.A. Hunters Association
- 3) Bosveld Jagters Vereniging- *die oorspronklike lees - Vereeniging.*
- 4) Eastern Cape Game Breeders Association
- 5) Eastern Province Hunters & Game Conservation Association,
- 6) Kaffrarian Hunt Association

B. Specialist Associations:

- 1) S.A. Game Ranchers Association
- 2) S.A. Prof. Hunters Association

C. Overseas Members & Associations

- 1) Safari Club International
- 2) N.R.A. (America)
- 3) B.R.A. (U.K.)
- 4) WAGBI (U.K.)

D. New Associations to be founded.

- | | |
|---------------------|--|
| 1) TVL | - Lowveld?
- W.Tvl? |
| 2) OFS | |
| 3) CAPE | - W,Cape
- Midlands
- Karroo
- N.Cape |
| 4) SWA | |
| 5) Zimbabwe | |
| 6) Bantu Homelands. | |

Op die Bestuursvergadering gehou op die 8 Januarie 1981 word vermeld dat:

Sake uit die Notules - klousule a) meld : Die voorsitter doen verslag van die vergadering van die Natalse Vereniging wat hy bygewoon het en

Klousule b) berig dat Mnr A Vermaak terugrapporteer oor sy bywoning van die SA Jagters Vereniging in Pretoria.

Die eerste Ko-ordinerende Komitee bestaan uit die volgende Verenigings en hulle respektiewelike afgevaardigdes:

S.A. Jagtersvereniging:	L. v.d. Merwe Sekretaris	Voorsitter N.v Rooyen
Bosveld Jagtersvereniging		G. Swan A.Vermaak
Natal Jagtersvereniging		B.Daly T.Ivins
Oos Kaap Wildbestuursvereniging		C.Sparks T.Sulton

Die Aims/Objects -- [Doelwitte/Oogmerke]

- I. Further all Forms of Legal Hunting and Conservation in the RSA on Private and State Lands – a co-ordination body to be established to implement these aims.
- II. Establish and control hunting ethics of members,
- III. Improve Hunter-Landowner relationship,
- IV. Establish and maintain formal contact with the authorities at National, Provincial and Parks Board level. Ministers, Parliamentary Sub-Committees, Provincial Councils etc.)
- V. Constructively assist controlling bodies in formulating legislation regarding hunting, hunting and firearm licences and arms and ammunition
- VI. To advise the National and Local News Media and the Public on Hunting and Conservation matters, including hunting ethics and education,
- VII. To promote S.A. Hunting and Conservation beyond our borders,
- VIII. To establish a National Fund in order to protect and promote the interests of the Hunter/Conservationists,
- IX. To establish an acceptable method of trophy measurement and system of recording game trophies. (Copy of S.C.I. System included with these minutes),
- X. To gain recognition as a body with considerable “muscle” and influence based on the membership figures and dynamic approach.

Die eerste Voorsitter was Mnr. Louw van der Merwe en die Sekretaris was Mnr. Tim Ivins.

Interessantheidshalwe plaas ons nou die Riglyne soos voorgestel:

“Waarom ‘n Jagtersvereniging”

1. Om die jagter se beeld te bevorder en om die toenemende teenkating teen die jagsport teen te werk.
2. Om kennis en liefde vir die wild en die natuur te bevorder.
3. Om deur middel van invloed en hulp mee te help met die formulering van wetgewing betreffende jag en natuurbewaring.
4. Om aan lede jagfasiliteite en inligting oor jag, bekend te maak.
5. Om deur middel van beheer, opleiding en aanmoediging by oud en jonk, die reëls van goeie en etiese jag en sportmanskap, tuis te bring.
6. Om spesifieke aandag te skenk aan die opvoeding en stimulering van jag by die jong jagter.
7. Om in verband met jag en natuurbewaring te skakel met ander jagtersverenigings en staatsdepartemente hetsy sentraal of plaaslik van aard.

En tenslotte : die finansiering van Chasa:

Al die Verenigings wat tot die Konfederasie behoort verklaar hulle bereidwilligheid om die R2.00 per lid bydrae te maak ten einde hierdie Ko-ordinerende Komitee in staat te stel om na wense te funksioneer en die finansieële verpligtinge wat mag opduik te kan nakom.

Vanuit die BJV Kantoor

Hiermee wil ons elke lid in kennis stel dat ons telkomlyne vervang is en totaal gekanselleer word by einde Februarie: omdat ons kables gereëld gesteel word.

Die nuwe nommers is : **Tel: 079 511 5358,**
Faks: 079 511 9138.

Vanaf 1 Januarie kan u ‘n Bekwaamheids stempel op u lidmaatskap kaartjie kry wat óf in Engels óf in Afrikaans is maar u moet ons laat weet; wanneer u ons nie laat weet nie word net die Afrikaanse stempel gebruik. Ook vanaf 1 Januarie kan u die Toegewyde Jagter Status (TJS) stempel in een van die twee tale op u lidmaatskapkaartjie kry deur weer vir ons te laat weet wat u verlang; maar indien u ons nie laat weet nie sal net die Afrikaanse stempel aangebring word.

Mag ek u herinner aan die **‘laat ons weet wanneer u u adres, telefoon of enige andere inligting wat ons benodig’** verander en spesiaal u posadres, want baie van ons briewe kom terug deur ‘n verkeerde adres. U samewerking word baie waardeer omdat dit ons in staat stel om ‘n betere diens te lewer.



VASVRAE



Hein en NW met soenies en Chobe Bosbokke en NW met 'n rooiduiker



Die Redakteur
Impala

Onlangs was ek by BJV se kantoor en ek sien toe weer die ou filt hoed wat daar in die vistenk lê en dit is duidelik dat die hoed 'n storie het om te vertel. Vir die van julle wat nog nie die hoed gesien het nie moet ek dit net beskryf. Dit is 'n ou filt hoed, en dan bedoel ek oud, waarvan die band al weg is. Op die hoed is 'n BJV wapen vasgewerk, maar die wapen is van 'n ontwerp wat ek nog nooit gesien het nie. Ek vra toe vir Marius Huisman wat die storie agter die hoed is en hy sê iemand het gesê hy sal die storie neerskryf, maar hy kan nie onthou wie dit was nie. Ek stap uit die kantoor na die klubhuis toe en daar bo die deur is 'n bord wat sê BJV 30 jaar. En weer wonder ek, wanneer was dit? Is ons nie dalk al by 40 jaar nie? Wie was die mense wat 30 of 40 jaar gelede die vereniging begin het? Waar het hulle begin, hoeveel was hulle, wat het hulle gedoen, hoekom het hulle die vereniging begin? Op al die vrae het ek nie antwoorde nie en ek dink nie ek is alleen nie. In die klubhuis is 'n muur met plaatjies op met name van persone. Party is aan my bekend en ander nie. Wie was die mense en hoekom is hulle name op die plaatjies? Wie is die persone op die fotos teen die mure en wat is die storie agter die jagtogte?

Ek weet dis oor baie jare wat ek nou wonder, maar is daar nie dalk van die stigterslede wat met 'n reeks artikels in die Impala die geskiedenis van ons vereniging aan ons almal bekend wil stel nie? Ek weet lid nr. 2, oom Piet Smit is oorlede, maar oom Carl Holl het ek laasweek gesien. Die res van die mense ken ek nie. Miskien kan 'n paar van hulle saamwerk aan so 'n projek.

Die uwe
Stephan du Plessis
Lidno. 2483

1. Wat is die kaliber van 'n 30-06 Springfield?
2. Wat beteken die 40 by 'n 4 x 40 teleskoop?
3. Onder watter naam staan die Winchester Model 1866 ook bekend?
4. Is die rooihartbees en die basterhartbees van dieselfde genus?
5. Is die kremetartboom bladwisselend?
6. Hoeveel grein is daar in een gram?
7. Hoeveel gesigvratte het 'n vlakvarksog?
8. In watter jaar is die .303 Lee-Metford deur die Britse weermag as militêre geweer aanvaar?
9. Is maroelabome eenslagtig of tweeslagtig?
10. Watter tipe gif het die boomslang?
11. Het 'n steenbokkooi horings?
12. Watter tipe gif het die berggadder?
13. In watter voorwerpvlak sit 'n teleskoop se kruishaar indien die kruishaar in verhouding tot die beeld vergroot indien die vergroting gestel word?
14. Is die hardekoelboom 'n *Combretum* spesie?
15. Mag 'n blouduiker wettig in die Limpopo Provinsie gejag word met net die skriftelike toestemming van die grondeienaar?
16. Waarvan is slanggif in werklikheid net 'n spesiale vorm?
17. Lewe die gryskopvisvanger van insekte?
18. Watter sebra staan ook in die volksmond as die witpensesebra bekend?
19. Wat is die militêre ekwivalent van die 308 Winchester?
20. Watter bok word in Afrika algemeen as die vinnigste gereken?

Antwoorde

1. .308 of 7,62mm
2. Objeklens het 'n deursnee van 40mm
3. Yellow boy
4. Nee
5. Ja
6. 15,43
7. Twee
8. 1888
9. Eenslagtig
10. Hemotoksiese gif
11. Nee
12. Neurotoksiese gif
13. Eerste of objek voorwerpvlak
14. Ja, *Combretum imberbe*
15. Ja, want die spesie kom nie natuurlik in die provinsie voor nie
16. Speeksel
17. Ja, die spesie is nie-waterlewend
18. Bergsebra
19. 7,62mm NATO
20. Basterhartbees / Tsessebe

Opgestel deur Stephan du Plessis

